Die God Van Hierdie Bose Tydperk

Jeffersonville, Indiana USA
1 Augustus 1965 (Oggend)

1 [Broer Orman Neville lees 'n resolusie.]

2 Dinge is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, slegs....

Laat ons ons hoofde buig.

Dierbare Hemelse Vader, ons is dankbaar vanmôre dat ons kan glo. Dit was moontlik gemaak deur die gestorte Bloed van U Seun, Jesus, dat ons deelgenote van Sy genade kon wees; en seuns en dogters van God word, deur Sy gehoorsaamheid tot die dood aan die kruis, geregverdig deur geloof in Hom en Sy opstanding, en die Heilige Gees nou in ons harte uitgestort is.Ons is dankbaar vir hierdie geleentheid om hiernatoe te kom vanmôre om ons gedagtes en ons aanbidding, uitdrukkings te deel, deur liedere, getuienisse, lees van Psalms, U Woord te lees, en ernstig te wag op die Heilige Gees om die Boodskap te gee wat bestem is vir hierdie uur. Skenk dit, Here. Mag ons baat vind deur vandag hier te wees. En wanneer ons die gebou verlaat, mag ons sê soos diegene wat van Emmáüs kom, "Was ons harte nie brandende in ons toe Hy vanmôre met ons gepraat het nie?" Skenk hierdie dinge, Ewige God, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kan maar sit.

Goeiemôre, vriende, hier, hierbinne in die tabernakel en aan ons vriende dwarsoor die nasie, al die pad van die Weskus, weer vanmôre, na die Ooskus, en noord en suid, op die telefoonverbindings.

Dis 'n lekker dag hier in Indiana, 'n bietjie, effens bewolk, koel, baie lekker. Tabernakel is gepak, buite in die werf en teen die mure. Ons is onder groot verwagting vir die Here om ons vandag te besoek. En ons hoop dat God julle 'n mooi dag gegee het waar julle ook al is. En dit is 'n goeie dag, wat die Here vir ons gegee het. Maak nie saak wat die weer is nie, dis 'n goeie dag. Ons is bly om hier te wees, steeds bly dat ons die geleentheid het om ons geloof in Jesus Christus aan die wêreld uit te druk. En ons wil elke geleentheid aangryp wat ons kan om uitdrukking te gee van Sy liefde en wat Hy vir ons gedoen het. Vandag is ons....

3 'n Paar oomblikke gelede, was ek gevra, om 'n aankondiging te maak, en dan het ek 'n paar dinge hier wat ek graag wil sê. En een van hulle, die aankondiging wat vir my gegee was oor 'n raadsvergadering die ander aand. En daar was een diaken van die kerk wat in Arizona gaan woon het, dit is Broer Collins, ons edele broer. En terwyl hy weg is, hulle, die raad, het Broer Charlie Cox aangestel om sy plek in te neem terwyl hy weg is. En Broer Charlie Cox is amptelik aangestel deur die trustee ... of die raad van diakens van hierdie kerk, om die amp op te neem van Broer Collins, in sy afwesigheid.

4 En 'n ding wat ek weer wil sê, ek wil al julle mense bedank, want sommige van julle mag huis toe gaan voor die genesingsdiens vanaand, vir die mooi geskenkies, tekens. Baie kos is na ons gebring sedert ons hier is. En van my en my vrou, en my familie, ons waardeer dit beslis. Partykeer vergeet ek selfs om iets daaroor te sê. Dis so besig, weet julle. My verstand is in so 'n warboel die hele tyd. Julle kan julle voorstel wat dit is, van mense, nie net van hierdie kerk nie, maar van oor die wêreld. Sien? En dit hou my soort van in 'n warboel die hele tyd.

Iemand het gepraat van die toewyding van die babas, en doopdienste, ensovoorts. Dis baie mooi. Wens ek kon dit doen, maar ek draai so vas, ek het kwalik die tyd. Ek moet my aandag net hou op dit, hierdie Boodskap. Julle weet die Bybel het vir die apostels gesê, of.... Die apostels, liewer, in die Bybel, het gesê: "Gaan, soek onder julle uit, manne van goeie aansien, en eerlik en gevul met die Heilige Gees, dat hulle na die sake kan omsien." En ek het vir Billy gesê....

Hy het gesê: "Gaan jy hierdie keer die baba toewy, pappa?"

Ek het gesê: "O, goeiste!" Sien? As.... Ons het baie van hulle wat wag om toegewy te word, en dis reg, ek sal maar moet terugkom en 'n spesiale dag neem vir die toewyding van babas. So ek sou dit graag nou wou doen.

5 Maar ons wil elkeen van julle bedank uit ons harte; my vrou, ek, en ons familie. Die mense bring vir ons ingelegde goedere, vars botterboontjies, waatlemoene, spanspekke, o, aarbeie. Omtrent alles waaraan gedink kan word, hulle bring dit.

'n Kosbare broer en sy suster, het nou die dag, vir ons 'n yslike groot kalkoen gebring. Ek eet nog steeds daaraan. En so net.... O, ek dink ek sal dit moet klaarmaak voor ek vertrek, ek veronderstel. So as ek dit nie doen nie, sal sy dit sommer saam met ons neem. En so sal ons.... Ons waardeer sekerlik hierdie dinge. Ek ken baie van die mense; party van hulle ken ek nie. Hulle sal op die stoep lê wanneer ons in kom. En so ek waardeer dit beslis.

En baie ken ek. Ek het.... Ek het baie gesien, en daar's baie wat ek nie te sien kry nie. Ek is seker dat almal verstaan dat ek graag by elkeen sou wou uitkom as ek kon, maar ek's net een. Sien? Om.... Ek kan nie by almal uitkom nie. Ek doen alles wat ek weet hoe om dit te doen.

6 So, God wees met julle. Ek is seker dat daar Een is wat met julle sal wees; dis Jesus Christus, en Hy kan. Hy's die enigste Persoon wat alomteenwoordig kan wees. En Hy's ook almagtig, so Hy kan elke behoefte vervul. En alwetend, ook, en ken julle behoeftes, van wat jy nodig het.

Ek dra elkeen op wat ek nie sal.... Ek het net so vinnig as wat ek kon, selfs vandat ek vanoggend hier was, en ek sal elkeen opsoek wie ek kan. En as.... Wat ek oorslaan, die almagtige God sal al julle behoeftes voorsien volgens Sy rykdom in Heerlikheid.

[Broer Branham talm, praat dan met Broer Neville] Ek kan dit nie te goed lees nie. Sal jy dit lees?

Dis 'n spesiale aankondiging van een of ander soort. En ek dink Billy Paul moes dit geskryf het. So hy's soos ek; ek kan nie eens my eie skrif lees nie. En ek het 'n snelskrif van my eie. En as julle sommige van my tekste hier op geskryf sien, dink julle jy sou dit ooit verstaan? [Broer Branham wys sy geskrewe teks vir die gemeente, en hy lag saam met hulle] Ek het soos 'n ster, 'n brug oorsteek, ensovoorts, almal net....

[Broer Neville lees 'n aankondiging]

Broer Adair, Adair van Arkansas, wil onmiddelik vir Eerw. Pearry Green by die agterkant van die kerk sien. Goed.

7 Nou, 'n ander ding wat ek graag hier sou wou aankondig is dit, nou vanaand vir die genesingsdiens. Ons gaan vanaand vir die siekes bid, en ek vertrou dat julle hier sal wees.

En ons stuur groete aan al die mense dwars oor oor die land, in die Naam van die Here Jesus, dat God julle vanmôre sal seën. Dit is nou vir party van julle agtermiddag. In New York, is dit omtrent agtermiddag. En in Arizona, die Weskus, is dit omtrent sewe-uur. So daar's.... En hier is ons reg tussenin. So God seën julle terwyl julle luister. Nou dit mag wees....

Ek het dit op my hart, terwyl ek hier is....

8 En was nie toegelaat om die ouditoriums te kry nie, en uiteindelik het hulle ons soort van toestemming gegee; ons kon een diens hou, maar ons mag nie vir enige siekes bid nie. Ek gee nie.... Dis my bediening. Ek moet doen wat die Heilige Gees my sê om te doen. So ek het dit geweier, omdat ek vry wil wees om te doen wat die Heilige Gees sê om te doen. Sien? So ek het gedink ons kan net nog een dag uithou in elk geval, in die tabernakel. En dis koel vanmôre. Die Here het 'n mooi dag vir ons gegee, so ons is dankbaar.

9 Nou, deur dit te doen, het ek hierheen gekom met die doel om die laaste van die Skale, laaste Sewe Skale, en die laaste Sewe Basuine, en die laaste Sewe Donderslae, van die Boek van Openbaring te leer, hulle saam te bind in hierdie uur waarin ons nou lewe; om die oopmaak van die Sewe Seëls, die Sewe Kerkeeue op te volg. So, ons kon nie plek kry om dit te doen nie. So ek hoop dat, sodra ek kan, sal ons ... 'n plek voldoende daarvoor kan kry, óf hier óf in Louisville, New Albany, of anders 'n tent oprig, sodat ons kan bly so lank as die Here ons lei om te doen.

Maar nou in hierdie, het ek hierdie geleentheid gebruik om aan die mense my geloof en vertroue in God uit tedruk, en dan julle te bring na die uur waarin ons lewe. En daarom, is dit nie gerig aan enige sekere persoon, belydenisse, wat dit ook al mag wees nie; dis net soos ek God se Woord sien. En verlede Sondag het ons 'n baie mooi uitstorting van die Gees op die Woord gehad. Dit het baie lank geduur, en ek het dit gehaat om so lank te bly; maar ons weet nie watter tyd ons weer gaan ontmoet vir ons laaste keer nie. En ons moet, soos ... wil wees. Ek wil liewer wees, soos Paulus van ouds gesê het: "Ek het nie nagelaat om aan julle die hele Raad van God te verklaar nie." Jesus het gesê Hy het niks van Sy dissipels teruggehou nie.

En soos ek, is so besig om onder die salwing van die Heilige gees te probeer bly, om uit te vind wat die uur, die Boodskap van die uur is, ek faal soms om uit te gaan en my pligte as 'n dienskneg van Christus, as 'n prediker te doen. Maar ek het verskeie manne wat probeer om my te help om dit te doen, waarvoor ek dankbaar is, al my prediker broers.

10 Nou, ek bedoel nie om mense hier te hou nie. As julle, daar ver in die land waar die Boodskap uitgaan, kon staan en rond kyk na hierdie kerk vanmôre, in die paadjies, die kinderkamers, buitekant, radio's aangeskakel, in busse, karavane, ensovoorts, en motorkarre, sou julle sien wat die probleem is. En dan met elke diens, baie, baie wat verby ry; en bel, ensovoorts, hulle kon nie in die omtrek kom nie. En ons het meer plek nodig sodat die mense kan sit en gemaklik wees.

En om dan 'n Boodskap te bring, wat ek dink so lewensbelangrik is, ek voel dat ons gemaklik behoort

te wees en te sit, sodat ons kan luister; en met ons potlode en papier, notas en Bybel, ensovoorts, om notas te neem. Maar op hierdie manier het ek gedink ek sal teruggaan na die tyd wat ons het, waarin ons lewe, en probeer om sommige van hierdie dinge te bring wat julle gaan teekom. En jy gaan hulle nodig kry.

11 As ek vandag hierheen kom, of enige ander dag, of enige ander prediker, om 'n boodskap probeer bring na mense, sterwende mense soos ons, en die tyd is so naby, wat ek glo vir hierdie dag; sou ek 'n huigelaar wees om te probeer om iets bring wat ek weet dat jy tevrede sou wees maar dit sou teen God se Woord wees, of iets om 'n skare te lok, of iets soos dit; ek sou nie wees.... Ek sou nie wees wat ek hier moet wees nie, 'n prediker van Christus. Ek wil iets bring wat ek dink is van deurslaggewende nut vir julle, nie net om gesien te word nie; maar om te dink dis iets wat as ek vandag sou sterf, dit môre in julle hart ge-anker sal wees om voort te gaan en God te dien.

12 Nou ek wil sê dat daar iets is wat net gereed maak om te gebeur. Ek weet dit. Baie van julle hier onthou toe Broer Junior Jackson na my toe gekom het 'n rukkie voor die vertrek na Arizona, van 'n droom wat hy gehad het. Vreemde ding! Hoeveel onthou dit? [Gemeente sê: "Amen."] En die Here het ons die uitlegging gegee, en dit het gebeur tot die letter. Hy het nou, nog 'n droom oor iets gehad.

En die vreemde ding, 'n man was die ander dag hier, van Oregon af. Ken my skaars, en was ... het omtrent dieselfde droom gedroom, wat Junior Jackson gedroom het, en het my kom vertel. Ek ken nie die verklaring nie; ek wag vir die Here. Maar ek weet dit gaan iets van God af wees. Onthou dit net. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dis iets wat van God af voortkom. Ek weet nie wat dit is nie. Regtig treffend, baie treffend! Eerlik, volgens die drome wat beide mans.... Een van hulle sou ek ... hy mag dalk 'n Baptis, Presbiteriaan. Hy mag hier sit vanmôre. Ek weet nie. Hy was die ander dag hier. Ek ken nie die man nie.

Maar hy het die droom vertel, met trane in sy oë. En dit het hom ontstel. Hy kom al die pad van Oregon af, om dit te vertel. Broer Jackson het vanoggend op dieselfde manier gekom. Een man wat die ander nie ken nie; een, duisende myl van die ander, en beide drome net presies oor dieselfde ding. So die Heilige Gees weerhou die interpretasie daarvan van my. Ek weet nie wat om vir die man te sê nie. Maar ek weet God maak klaar om iets te doen, en dit sal in ons oë wonderlik wees.

13 Nou, die Boodskap vanmôre, ek wil lees uit die Boek Galásiërs. Ek preek nie of net.... Dis 'n Sondagskool les. En nou, julle mans en vroue wat langs die mure staan, en iemand wat wil ruil en julle 'n rukkie laat sit, of iets, julle sal my nie hinder nie; wees net eerbiedig. En as die moeders, hulle kleintjies huil of iets, sal iemand uit die kinderkamer uitstap sodat hulle plek vir die kleintjie kan hê.

En nou kry julle jul potlood, Bybel, en wees gereed om party van die Skrifte neer te skryf wat ons sal lees. Ek wil nie hê julle moet gebonde voel nie. Ek wil hê julle moet vry voel om te sit en studeer. En julle sal dalk verskil, wat goed is. Maar ek sê dit net oor die nasie vanmôre, sodat die mense wat die Boodskap geglo het wat die Here Jesus vir my gegee het vir hierdie uur, kan weet wat plaasvind, en dit in die Skrif kan plaas.

14 Verlede Sondag het ons gepraat oor Die Gesalfdes In Die Laaste Dag. En as julle, enige van julle, bandluisteraars is, wees seker om daardie band te kry. Nie dat ons bande wil verkoop nie; dis nie die idee nie. Dis die idee om die Boodskap uit te kry. Sien? Sien? As jy 'n bandmasjien het, kry 'n groep mense bymekaar, en speel dit, en luister aandagtig. "Die gesalfdes."

Jy hoor mense opstaan en sê: "O, die Bybel het gesê: 'In die laaste dae sal valse profete opstaan en hierdie tekens doen.'" Dis presies volgens die Skrif. Waar is dit dan van toepassing? Dit moet reg toegepas word.

Vanaand wil ek praat oor, as die Here wil, van: God Geopenbaar In Sy Eie Woord, hoedat die oog nie aangewend kan word waar die oor behoort te wees nie. Sien? Net soos om die hele Bybel uit te druk, en, in die hele Bybel, Jesus Christus uit te beeld. So ek wil vanaand daaroor praat, as die Here wil. En nou, indien nie, 'n later datum.

15 Nou in die Boek Galásiërs. En in die Boek van Tweede Korinthiërs 4:1 tot 6, dan Galásiërs 1:1 tot 4, wil ek Skrifte lees. Nou in Galásiërs 1:1 tot 4: "Paulus, 'n apostel," let op hoe gou is die onderbreking. Apostel beteken "een wat gestuur is," of: "'n sendeling."

> *Paulus, 'n apostel, nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus, en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het,*
>
> *en al die broeders wat by my is-aan die gemeentes van Galasië:*
>
> *Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus,*
>
> *wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader,*

aan wie die heerlikheid toekom in alle ewigheid! Amen.

16 Nou in die Boek van Tweede Korinthiërs, die 4de hoofstuk, en ons gaan lees van verse 1 tot 6.

Daarom, aangesien ons hierdie bediening het volgens die barmhartigheid wat ons ontvang het, gee ons nie moed op nie.

Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die woord van God nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor God aan.

Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan,

As dit nie voortbestemming inbring nie, weet ek nie wat sal dit doen nie.

naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.

Net soos dit was in die tuin van Eden: "Sit hulle uit, sodat hulle nie daardie Boom kan aanraak nie."

Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil.

Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn-dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.

17 Amen! So lees die Woord! Nou, my teks vanmôre is: Die God Van Hierdie Bose Eeu. Soos ons in die Skrif gelees het: "die god van hierdie wêreld, hierdie bose eeu." Nou, hierdie Boodskap dui die booshede van hierdie bose eeu aan, en dit is gepas om vir hierdie bose eeu te profeteer.

En dis my geloof dat elke ... dat die Bybel elke antwoord het vir elke eeu, klaar geskryf in die Bybel, vir die gelowige van daardie eeu. Ek glo dat alles wat ons nodig het net Hier geskryf is, dit moet net deur die Heilige Gees geïnterpreteer word. Ek glo nie dat enige mens op aarde 'n reg het op sy eie interpretasie van die Woord nie. God het niemand nodig om Sy Woord te interpreteer nie. Hy is Sy Eie interpreteerder. Hy het gesê Hy sal dit doen, en Hy doen dit.

Soos ek vele kere gesê het. Hy het gesê: "'n Maagd sal swanger word," Hy het dit gespreek deur die lippe van 'n profeet, en sy het. Niemand hoef dit te interpreteer nie. In die begin, het Hy gesê: "Laat daar lig wees," en daar was. Niemand hoef Dit te interpreteer nie. Hy het gesê: "In die laaste dae, dat Hy Sy Gees sou uitstort op alle vlees," en Hy het. Het niemand nodig om Dit te interpreteer nie. Hy het gesê: "In die laaste dae, hierdie dinge" (wat ons nou sien gebeur) "sal hier wees." Dit het geen interpretasie nodig nie. Dis alreeds geïnterpreteer. Sien?

18 Nou, let noukeurig op terwyl ons die Woord bestudeer. Die God Van Hierdie Bose Eeu, waarin ons nou lewe. Mag vreemd lyk, 'n baie vreemde ding, in hierdie eeu van genade, wanneer: "God 'n volk vir Sy Naam's ontwil neem," dit is Sy Bruid, in hierdie bose eeu wat moet genoem word die eeu van boosheid. Die einste eeu waarin "God 'n volk roep vir Sy Naam's ontwil," deur genade, uitroep, en is 'n bose eeu genoem. Nou, ons sal deur die Bybel bewys dat dit die eeu is waarvan Hy gepraat het. Baie vreemde ding om te dink dat, dat in 'n bose eeu soos hierdie, dat God dan Sy Bruid sou roep.

Let op julle, Hy het gesê: "'n volk," nie "'n kerk nie." Waarom? Tog, Dit word die Kerk genoem, maar Hy sou "'n volk" roep. Nou, 'n kerk is 'n vergadering van baie mense van alle verskillende geaardhede. Maar God roep een hier.... Hy het nie gesê: "Ek roep die Metodis, Baptis, Pinkster nie." Hy het gesê Hy sou 'n volk roep. Waarvoor? Sy Naam. Sien, 'n volk; een uit die Metodiste, een van die Baptiste, een uit die Lutherane, een van die Katolieke. Sien?

Maar Hy roep, nie 'n kerkgroep nie, maar "'n volk vir Sy Naam," wat Sy Naam ontvang, verloof in Sy Naam, gaan na 'n bruilof om met Hom te trou, om deel van Hom te word, sien, deur voorbestemming. Net soos 'n man wat in die lewe 'n regte vrou kies, wat bestem om deel van sy liggaam te wees. So, dit is, sal die Bruid van Christus wees, en nou is, van ouds, verordineer deur God 'n deel van daardie Liggaam. Sien? O, die Skrifte is so ryk, vol heuning!

19 Let op, nie wat iemand gesê het, wat iemand geroep het nie; maar wat God gekies het voor die grondlegging van die wêreld, en roep hierdie mense in die laaste dae; nie 'n organisasie nie. "'n Volk vir Sy Naam." En hierdie bose eeu is wanneer Hy dit doen, hierdie einste tydperk van misleiding.

Verlede week, in Matthéüs 24, was dit die misleidenste eeu van alle eeue. Al die eeue van misleiding, van die tuin van Eden af, die hele pad, was daar nooit 'n eeu so misleidend soos hierdie eeu nie. "Vals

profete sal opstaan en tekens en wonders vertoon, indien moontlik om die einste Uitverkorenes te mislei." Sien? Nou, net 'n koue, formele, stywe kerke, ensovoorts, van mensgemaakte teologie, sou nie; die Uitverkorenes sou nooit enige aandag daaraan gee nie. Maar dis daar byna soos die regte ding. Net maar een Woord uitlaat is al wat jy hoef te doen. Belofte vir die eeu; 'n baie groot gebeurtenis! Christene, oral, let op die uur waarin ons lewe! Merk dit af, en lees, en luister aandagtig.

20 Hoekom sou God 'n volk uit roep in hierdie bose eeu, vir Sy Naam? Die rede waarom dit is, is om Haar, Sy Bruid te beproef. Dis om.... Wanneer Sy gemanifesteer word, beproef word, haarself bewys, bewys vir Satan. Soos dit was aan die begin, so sal dit wees aan die einde.

As 'n saad in die grond begin, kom dit op deur draers, die lewe daarvan, maar dit eindig dieselfde saad wat dit was toe dit in die grond ingegaan het.

En dieselfde manier wat die saad van misleiding in die grond geval het, in Eden, is dieselfde manier waarop dit in die laaste dae eindig.

Net soos die Evangelie was toe dit voor 'n denominasie geval het by Nicaea, Rome, eindig dit in 'n superorganisasie.

Net soos die Saad van die Kerk destyds geval het, met die tekens, wonders, en die lewende Christus tussen hulle, eindig dit in die laaste dae onder die bediening van Maleági 4, en herstel weer die oorspronklike Geloof wat eens gegee is.

21 Ons vind nou, hierdie bose eeu is om te bewys, aan Satan, Sy is nie soos Eva, dat Sy nie daardie tipe vrou is nie. En Sy sal deur sy Woord beproef word, die Bruid, soos Adam se bruid deur die Woord beproef is. En Adam se bruid het elke deel van die Woord geglo, alles, maar was verward oor een belofte, dat: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir ewig," vandag, sien; maar het op een belofte gefaal, onder die versoeking van die vyand, van aangesig tot aangesig. En nou, die mense wat vir Sy Naam geroep is, is natuurlik, Sy Bruid. Sy moet weer in kontak kom met dieselfde ding; nie deur net denominasionele waarheid of iets nie, maar elke Woord!

Want, in die begin van die Bybel, was die Woord van God aan die mens gegee om daarvolgens te lewe. Een Woord, verkeerd geïnterpreteer deur 'n man genaamd Satan, in 'n persoon van 'n dier genaamd die slang. Satan, in hierdie persoon, kon met Eva praat, en die Woord verkeerd uitgelê aan haar, en is verlore. Sien, Dit moet elke Woord wees.

22 In die middel van die Bybel, het Jesus gekom en gesê: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord," toe Hy deur Satan versoek is.

Nou, God sê vir ons hier in die laaste dae, dat: "Die god van hierdie wêreld sal opstaan in die laaste dae."

"En aan wie ook al een woord Daaraan sal toevoeg, of een Woord Daarvan sal wegneem, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe."

God wees ons genadig! En laat ons nie soos gestyfde hemde loop nie, bors uitgestoot, kop omhoog, weet alles, want ons was ook eenmaal ongehoorsaam. Laat ons met genade, en vergewensgesindheid, en gevoel in ons harte teenoor God, nederig na die Troon van genade kom.

Vreemd nou, na sowat negentienhonderd jaar van Evangelie verkondiging, en nou is sy, dit is die wêreldse stelsel, boser as in die dae toe dit, toe Hy hier was. Die wêreldse stelsel is boser. Die wêreld stuur af op 'n groot klimaks. Julle weet dit. Die Here vervul Sy Woord aan elke kant.

23 Gister, gestaan... Ek hoop nie die kêreltjie... Hy sal nie. Ek het saam met my vrou gekom, en Mev. Wood, Broer Roy Roberson, hier iewers, Broer Wood, ons het oorkant gestop by hierdie klein Youngstown Inkopie Sentrum, om 'n pakkie vir Suster Wood te kry wat sy wou gehad het. En op ... terwyl ons daar gestaan het, 'n jong kêrel nadergestap en homself bekendgestel, hy was 'n vreemdeling vir my. 'n Ander jongman het nadergestap en gesê hulle was van Alabama, óf Georg-.... Ek dink Georgia, want ek het hulle gevra of hulle ons Broer Welch Evans ken. En ons het 'n paar minute gepraat. En toe ek gaan om te vertrek, het hierdie jong man na my gekyk. Toe hierdie ander jong kêrel en sy klein seuntjie wegstap, het hierdie jong man na my gekyk. Hy het gesê: "Net een ding wat ek wil sê."

Ek het gesê: "Is jy 'n gelowige? Is jy 'n Christen?"

Het gesê: "Nee, meneer." Hy het gesê: "Ek het...."

24 Ek mag dalk net nie die woord aanhaal wat hy hier gesê het nie, maar hy kon 'n bietjie skepties gewees het. Ek het hom gevra oor die dinge van die Engel van die Here wat verskyn het. En hy het gesê hy het daarvan gehoor, maar hy was nog nooit in 'n kerk nie, hierdie kerk. Ek het gesê: "Glo jy Dit?"

Het gesê: "Ja, meneer." Hy het gesê: "ek het iets dopgehou." Hy het gesê: "Mense het my vertel van hierdie voorspellings en dinge, en ek het gehoor op 'n band wat jy voorspel hoe Kalifornië sou weg kraak." En gesê: "Toe ek dit in die koerant sien, het ek dit geglo." Hy het gesê: "Ek kom vandag of môre," dis vandag: "vir my eerste keer."

Ek het gesê: "Die Here seën jou, seun," en begin om sy hand te skud.

Hy het gesê: "Maar ek wil vir jou iets sê, meneer." Hy het gesê: "Ek's so verlore soos verlore kan wees." Hy het gesê: "Ek's soos 'n muntstuk in 'n sandpit, verlore!"

Ek het gesê: "Maar jy hoef nie so te bly nie. Daar is Iemand nou teenwoordig Wie jou kan vind die oomblik wat jy gereed is om gevind te word."

Hy het gesê: "Ek is gereed."

Ek het gesê: "Sal jy jou hoof buig?"

Hy het gesê: "Ek's nie skaam nie."

Nie net dit nie, maar hy het op sy knieë neergesak, daar in daardie parkeer area, voor al die mense. Mense op die straat wat na hom kyk. Daar het ons saam met hom gebid, totdat hy sy hart vir God gegee het. Hy het op gekom, 'n sondaar, het teruggegaan, 'n kind van God. Hy het na die kant van die motor geloop, dood; en lewendig teruggegaan.

Ek het gesê: "Die bad sal môre oop wees."
Daar is 'n fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Emmanuel se are,
Waar sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor elke sondevlek.

Ek het gesê: "Staan op en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, roep die Naam van die Here aan. God sal jou vul met die Heilige Gees, en jou hierdie groot dinge gee, en jou so maak, dat jy dit kan sien."

25 Wat is dit? Die wêreld stuur af op 'n klimaks. Waarom? Die gees van wetteloosheid, morele verval, wetenskaplike godsdiens, het daartoe gelei vir "die voëlhok van elke haatlike en onreine voëls," soos die Bybel gesê het. Laat ons dit lees, Openbaring 18. Terwyl ons hierdie punt begin, kry ons Openbaring 18:1 tot 5. Ek dink ek het dit reg neergeskryf.

> *En ná hierdie dinge het ek 'n ander engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.*
>
> *En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep* (nou julle mense wat drome gehad het) *en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,*
>
> *omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar* (kerk) *hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.*
>
> *En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.*
>
> *Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.*

26 Wat 'n waarskuwing! Dit plaas die kerk presies terug na Openbaring 3:14, na die Laodicese eeu, wetteloosheid; regtig godsdienstig, maar wetteloosheid. "Julle, omdat jy sê dat: 'Ons is ryk, het aan niks gebrek nie, weet jy nie dat jy naak, ellendig, blind, en weet dit nie." Perfek volgens die Skrif van hierdie eeu, nie vir die Skrif van die eeu van Daniël, nie vir diegene in die naam van ... die eeu van Noag, maar in hierdie laaste, bose eeu.

Let op, "Julle is naak." Laat dit goed diep insink. Ek weet baie gaan met my verskil oor hierdie gedagte, maar dit het op 'n plek gekom waar 'n Christen kwalik uit sy huis kan stap en nie in die teenwoordigheid kom van halfgeklede vrouens in hierdie bose eeu nie.

27 Vroue, ek gaan dit sê, en ek wil hê julle moet luister. En, mans en vroue, julle kan hieroor verskil, maar ek voel gelei om dit te sê. Het julle geweet, enige vrou wat haar so ontklee, is nie by haar volle verstand nie? Weet julle, sy is, of sy dit glo of nie, of dink nie, dat sy 'n prostituut is nie? Hoewel die vrou met haar hand voor God kan staan en sweer dat sy nooit deur enige ander man aangeraak is nie behalwe haar man, en dat dit die eerlike waarheid mag wees, maar sy is nog steeds 'n prostituut. Jesus

het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer het alreeds owerspel met haar gepleeg." En die vrou mag ...

Sien, sy is "naak," het die Bybel het gesê: "en weet dit nie." Die gees wat haar salf om sulke dinge te doen, is 'n bose, prostituutgees. Haar uiterlike wese, haar fisiese liggaam, haar vlees, sy mag rein wees. Sy mag dalk geen ebreek gepleeg het nie, en sou voor God kon sweer dat dit die waarheid is, dat sy nooit nie, maar haar gees is 'n prostituutgees. Sy is so verblind deur die god van hierdie modewêreld; dat sy haarself uitlokkend aantrek en uitgaan.

28 Nou die dag, het Broer Wood en ek ons boot in die rivier gelaat. Ek wou 'n paar minute weg kom van die huis, om op die rivier te vaar. En waar jy ook al gegaan het, was vroue met hierdie klein ... wat jy noem 'kinis of iets, om hulle. Dit is 'n skande. 'n Vrou kan nie by haar volle verstand wees om enigiets soos dit te dra nie. Sy is in besit van 'n prostituutgees. Nou, dis tussen julle en God, dame, julle sal eendag uitvind dat dit die waarheid is.

Hoe kan jy, 'n dame, weet hoe heilig jou liggaam is, en dit daarbuite blootstel aan hierdie wellustige, sondige duiwels wat vandag in die strate loop? As seuns van God steeds almal seuns van God was, en jou man 'n seun van God was, sou hy jou óf klere laat aantrek óf jou verlaat. As 'n seun, 'n seun van God is, sou hy nooit met so iets trou nie. Sien?

Jy sê: "Jy maak...." Nee.

Ek vertel julle die Waarheid, en eendag sal julle Dit teëkom. "Naak, egbreekster; en weet dit nie."

"O, ek sweer dat ek nooit die beloftes aan my man oortree het nie." Jou man sal jou daarvoor oordeel as jy het. Maar God sal jou oordeel oor watter soort gees jy in jou het; nie oordeel volgens jou liggaam nie, maar deur jou gees, daardie innerlike mens.

29 Die uiterlike mens is 'n fisiese wese wat deur ses sintuie beheer word ... of vyf sintuie, liewer. Die innerlike mens is 'n geestelike man wat deur vyf sintuie beheer word; gewete, en liefde, ensovoorts. Die uiterlike mens; sien, proe, voel, ruik, hoor.

Maar die binnekant van daardie gees is 'n siel, en dit word beheer deur een ding, jou vrye wil. Jy kan aanvaar wat die duiwel sê of aanvaar wat God sê. En dit sal bepaal watter gees daarbinne is. As dit die Gees van God is, sal Dit voed op die dinge van God, en Dit sal nie op enigiets van die wêreld voed nie. Jesus het gesê: "As jy die wêreld liefhet of die dinge van die wêreld, is omdat die liefde van God nie eens hierdie innerlike deel binnegegaan het nie." Satan het jou mislei. "En die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uitgaan uit die mond van God."

Let nou op, ons vind sy is "naak," wulps en kaal.

30 En die wêreld skyn te wees in die mees boosste eeu wat dit ooit was. Nooit in enige eeu het vroue so opgetree nie, nooit behalwe net voor die vernietiging van die sondvloed. En Jesus het daarna verwys. Ons sal daarby kom oor 'n rukkie.

Het God beheer verloor, of laat Hy net 'n ander mag toe om te beheer? Ek wonder. Die ware antwoord op hierdie vraag is, na my mening, daar is twee opponerende geeste vandag in die wêreld, aan die werk. Nou, daar kan nie meer as twee wees nie, twee hoofde. En Een van hulle is die Heilige Gees aan die werk; die ander een is die gees van die duiwel, en, in hierdie laaste dae, met misleiding.

Nou gaan ek my gedagtes net hierop baseer vir die res van die teks, die res van die ... ons Boodskap.

31 Die twee geeste. Een van hulle, God se Heilige Gees; die ander een, die duiwel se gees, werk met misleiding. Die mense van die aarde maak nou hulle keuse.

Die Heilige Gees is hier om 'n Bruid uit te roep vir Christus. Hy doen dit deur Sy Woord te bevestig deur die belofte aan Haar, vir hierdie eeu, wat wys dat Dit Christus is.

As die vinger veronderstel is om te beweeg in hierdie eeu, sal die vinger beweeg. As die voet veronderstel is om te beweeg in hierdie eeu, sal die voet beweeg. As die oog sien in hierdie eeu, sal die oog sien. Sien?

Die Gees van God, soos Dit gegroei het in die volle gestalte van God, dit is die eeu waarin ons nou lewe. Die Heilige Gees is hier om die Boodskap van hierdie uur te bevestig. En die Heilige Gees doen dit, sodat die mense wat God glo uit geroep sal word uit hierdie chaos.

Die duiwel se onheilige gees is hier om sy kerk deur die dwaling, soos gewoonlik, uit te roep, deur verdraaïng van die Woord van God, soos hy aan die begin gedoen het. Sien dit kom weer reguit terug na daardie saad, van Eden? Hier is dit weer.

32 Nou, destyds, het jy ... ander eeue, het jy aan denominasies behoort, jy het aan hierdie behoort, daardie, of die ander. Wat het met die denominasionele stam gebeur? Dit verdroog. Die Gees bly weggaan en gaan voort, en Dit eindig in 'n Saad. Sien julle?

En die versoeking, vir beide, gaan dieselfde koers wat dit aan die begin was. Let op. Moenie, nee, moet dit nou nie vergeet nie.

Soos Johannes, Een Johannes 4:5 en 6, as julle dit wil neerskryf, hy stel dit: "die gees van dwaling."

Eva het nooit net bloot opsetlik uitgestap, en gesê: "Ek glo nie in God nie." Nee. Dit was 'n dwaling wat sy geglo het.

Satan het nooit uitgekom en gesê: "O, wel, dis nie eens die Woord van God nie." Hy het toegegee Dit is die Woord van God, maar hy het sy eie interpretasie Daaraan gegee. Wat, God hulle duidelik gesê het om dit nie te doen nie.

Wat doen dit? "Dit maak 'n sterk dwaling, vir die mense om 'n leuen te glo, en daardeur veroordeel te word." Nou as julle dit wil lees, Tweede Thessalonicense 2:11.

Ek het omtrent, 'n hele paar Skrifte hier, en ons sal nie in staat wees om hulle almal te lees nie. Een nou en dan, sal ek hulle vir julle gee. As dit vreemd klink, en julle dit bevraagteken of iets, kan ons dit neerskryf en lees vir julle beswil.

33 "Veroorsaak 'n sterk dwaling," soos die Bybel gesê het dit sou, Tweede Thessalonicense. "Nou, hierdie man van sonde sou te voorskyn kom, en in die tempel van God sit, homself vertoon dat hy God was, en veroorsaak dat die mense mislei word, om 'n leuen te glo, en, dit glo, sal daardeur veroordeel word."

Dis dieselfde ding wat hy aan Eva gedoen het. Gee haar.... Nooit vir haar gesê die Woord is nie reg nie, maar haar 'n sterk dwaling gegee, dat sy 'n leuen geglo het.

Die gees van dwaling is van die duiwel. "Duiwels is nou werksaam in die kinders van ongehoorsaamheid." Ongehoorsaam waaraan? Aan wat is die kinders van vandag ongehoorsaam? Soos Eva was, aan die begin, die ware Woord van God. Dis reg. Nou as julle dit wil hê....

Laat ons daarheen blaai, Efésiërs 2, net 'n oomblik, want dit lyk goed dat ons.... Ek sal net vir 'n oomblik stop, as julle nie baie haastig is nie, en 'n deel hiervan lees. Efésiërs 2:1 tot 2.

> *En julle het Hy lewend gemaak, wat* eenmaal *dood was deur die misdade en die sondes*
>
> *waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,*

34 "Kinders van ongehoorsaamheid." En as die antichris, daar in die kinderskoene van ongehoorsaamheid begin, wat sal dit wees wanneer dit wasdom bereik in die persoon van die antichris? Hoe misleidend sal dit nie wees nie! Hoeveel kragtiger dwaling kan 'n volwassene aan die wêreld gee, as 'n kleuter! En hy het gesê: "Die gees van dwaling nou werksaam in die kinders van ongehoorsaamheid," ongehoorsaam aan die Woord. Let op. Nou ek wil net 'n oomblik hierby stilstaan: "die kinders van ongehoorsaamheid," 'n kind.

Het julle geweet, jou, jou begin, ek kan deur God se Woord bewys dat jy, enige persoon hierbinne, in jou oupa grootjie geleef het. En in jou oupa grootjie is jy geskep af na jou oupa, toe na jou vader, en toe na jou. Weet julle dit?

Die Bybel het gesê, ek dink dis Hebreërs 7, dat, Melgisédek, toe Abraham teruggekom het van die slagting van die konings: "Abraham het tiendes betaal van al die buit aan Melgisédek." En hier sê Paulus nou, dat: "Levi wat tiendes ontvang het, was nog.... Hy het tiendes betaal, want hy was nog in die lendene van Abraham toe hy Melgisédek ontmoet het." So wat Abraham ook al gedoen het, vind ons dan dat Levi toe in Abraham was, wat sy oupagrootjie was. Abraham het Isak verwek; Isak het Jakob verwek; Jakob het die patriarge verwek, Levi.

Nou, sien julle dan, hier kom voorbestemming in perfekte beeld.

35 Nou, in hierdie Boodskappe, wil ek klem lê op die dinge wat ek julle in die Boodskap vertel het, van hierdie Aandlig wat God gesê het op die sou aarde kom.

En let op, "Die dier wat moes kom op die aarde, sou almal mislei wie se name nie in die Lam se Boek van die Lewe geskryf is nie, wat geslag is voor die grondlegging van die wêreld."

In God se eie denke; God, die groot Gees. In die begin, voor daar 'n begin was, was Hy God, en het

julle geweet julle was toe in Hom? As jy nou 'n Christen is, was jy toe in Hom.

En dan, as dit so is, het die hele Godheid liggaamlik vorm aangeneem in die Persoon van Jesus Christus. En toe Jesus gesterf het aan die kruis, het ek saam met Hom gesterf, want ek was toe in Hom; want Hy was die volheid van die Woord, gemanifesteerd, in die wete dat ons later gemanifesteer sou word. En ons was saam met Hom by Gólgota. Ons het saam met Hom in die graf gegaan. En ons het saam met Hom opgestaan met Sy opstanding. En ons het nou opgevaar, deur Sy Gees, na die Troon van genade, sit saam in Hemelse plekke in Christus Jesus. Altyd!

36 Want soos die saad van natuurlike lewe afgebring word, ontkiem het van vader na vader, na vader, na vader, so is die Lewe van Christus ontkiem.

Dis waarom God Elía se Gees vyf verskillende kere gebruik het. Wat is dit? Dis die oorhandiging.

Net soos jou natuurlike lewe en kenmerke oorhandig word deur die natuurlike verwekking van jou vader, so is die Gees van God, wat voorbestem was voor die grondlegging van die wêreld.

En toe die volledige Woord van God, in volledigheid, tot wasdom gekom het in 'n menslike liggaam genaamd Jesus Christus, daarin het God my laat betaal vir my sondes, daar in Hom. Toe het Hy my laat opstaan, my opgewek saam met Hom, in die opstanding. En nou sit ons saam met Hom, met mag en outoriteit oor elke duiwel. O, as julle maar net kon glo wat God geskenk het! Maar as jy nie daar geplaas is nie, het jy dit nie. En as jy daar geplaas is, en dit nie glo nie, en bang is om te beweeg, sal jy dit nooit gebruik nie. Maar as jy daar geplaas is, sal jy dit gebruik, want jy is bestem om te doen wat jy doen.

"Farao," aan die ander kant: "is vir hierdie doel opgewek," het die Bybel het gesê, om Farao te wees. "Judas Iskariot is opgewek om die seun van die verderf te wees."

Let nou op hierdie groot Waarhede wat ons benader.

37 Ons sien nou dat die kerk geweier het om God se Woord te aanvaar om oor hulle te heers, en in plaas daarvan Barabbas verkies. Nou, as julle die Skrifte daaroor wil hê, dis Matthéüs 27:15 tot 23. Wat het dit gedoen? In watter posisie is dit geplaas? Nou dink net. Toe die kerkwêreld, met sy georganiseerde lewe van regverdige, heilige manne, soos hulle gedink het hulle was, en in die oë van die mense was, het hulle Jesus gekruisig, en gesê: "Ons sal nie dat hierdie Man oor ons heers nie." En Jesus was die volheid van die Woord van God. Een Johannes 1, druk dit uit. En hulle het gesê: "Ons sal nie hierdie Woord van God oor ons laat heers nie." Tog, Hy was die Woord, maar hulle oë was verblind vir wat Hy was. Want Hy was die direkte antwoord op elke profesie wat in Hom vervul sou word.

Nou, ons almal glo dit, want ons kyk terug om te sien dit gebeur. Maar as die wêreld sou, dit is nou, hierdie huidige bose eeu, destyds daar sou gewees het op daardie tydstip, sou hulle dieselfde ding gedoen het wat hulle vandag doen, want dis steeds dieselfde Woord, vir hierdie eeu, wat gemanifesteer word. Hulle sal dit doen. Hulle kan niks anders doen nie. "Hulle is kinders van ongehoorsaamheid." "Daar is 'n sterk dwaling gegee, om 'n leuen te glo, en daardeur veroordeel te word."

38 Let op toe die kerkwêreld Jesus, die Woord, nie aanvaar het wat gemanifesteer was vir daardie dag nie, want (hoekom?) hulle Dit op 'n ander manier geïnterpreteer gehad. Maar hulle behoort te geweet het dat Hy daardie Woord was, want alles wat God gesê het Hy sou doen, het Hy gedoen. En Hy het vir hulle gesê: "Ondersoek die Skrifte vir hierdie uur; en as Ek nie die kwalifikasie nakom wat gespreek is vir My om te doen nie, moet My dan nie glo nie."

Hulle het gesê: "Ons glo Moses."

Hy het gesê: "As julle Moses geglo het, sou julle My geglo het, want Moses het van My gepraat." En steeds het hulle dit nie gesien nie. Die einste God van die Hemel wat aan die kruis sterf, en dieselfde woorde sê wat die profeet gesê het Hy sou sê, en steeds het hulle dit nie gesien nie. Sien?

Hulle was nie van Sy soort nie. Hulle was nie die Woord, nie die Woord nie; en hulle, tog, was hulle baie godsdienstig. Maar hulle was nie die Woord nie, want Dit sou Sy plek vir daardie uur herken het.

39 Let op hoe pragtig sluit die Skrifte bymekaar aan in elke eeu. Let nou op.

En toe die kerkwêreld nie die Woord van God oor hulle wou laat heers nie, het hulle 'n moordenaar, Barabbas, aanvaar. Wat het dit gedoen? Dit het Satan verhef, die god van hierdie bose eeu, tot die plek wat hy altyd wou gehad het.

Nou luister. Want, Satan word nie 'n god genoem in enige van die ander eeue nie behalwe hierdie eeu. Hy was nie 'n god genoem in die eeu van Noag nie. Hy was nie as 'n god genoem in die eeu van Moses, as die god van die eeu van Elia nie. Maar, hierdie bose eeu, hy is die.... O, moet dit nie mis nie! Hy is die god van hierdie bose eeu, aanbid deur miljoene en biljoene mense, en hulle weet dit nie. Maar laat ons dat die Skrif hom vanmôre ontbloot, en laat ons sien, dan sal julle weet. Laat die Skrif....

Soos in die onderskeidingsdienste, wanneer die Heilige Gees tussen Sy Woord kom en hierdie man uitroep en Hy sê, "Jy het geen besigheid om met hierdie ander vrou te lewe nie. Waarom het jy dit gedoen, tien jaar gelede, toe jy 'n ander man se vrou gevat het? Wat doen Hy? Hy ontbloot hom, onthul Satan, wat die man gebonde hou, of die vrou wat met 'n ander vrou se man leef, of die sondes wat hulle gedoen het, die dinge wat hulle gedoen het. Wat doen dit? Onthul hom.

40 Die dokters gebruik instrumente en probeer uitvind wat verkeerd is. Hulle kan dit nie doen nie. Ons kan nie sê nie. Maar dan kom die Heilige Gees uit en openbaar wat hy is, en onthul hom. Sien? Dis wat die Woord van God is. Dit is 'n Lig wat in die donkerte skyn.

En wanneer jy 'n geluid in die kamer hoor, dit klink geheimsinnig; 'n klomp goed wat aan die werk is, en jy weet nie wat dit is nie. Skakel gou die lig aan ... Krieke, kakkerlakke, hulle is kinders van die duisternis. En wanneer die lig flits, skarrel hulle weg.

"Hulle het van ons af weggegaan want hulle was nie van ons nie," het die Bybel gesê. Sien? Hulle kan nie in die Lig van die wêreld lewe nie.... Want, die God van die Hemel het Sy Lig in hierdie laaste dae gestuur, dat Hy die pad vir Sy kinders kan verlig, dat hulle nie in die duister sal wandel en struikel nie, maar dat hulle kan wandel in die Lig van die skynsel van Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Amen!

41 Let op, Satan word nie genoem die god van enige ander eeu nie, behalwe hierdie eeu. Dit was sy ambisie om soos God te wees, van die heel begin af.

Laat ons dit lees. Ons sal net ons tyd neem. Laat ons terugblaai na.... Sien, ek het dit neergeskryf, Jesaja 14. Laat ons hier terugblaai na Jesaja 14, net 'n oomblik, en sien wat God gesê het. "Die god," wat Satan gedoen het. Jesaja 14:12 en 14. Let op.

> *Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!*
>
> *En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God* (seuns van God, nou) *en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.*

Dit was Satan se ambisie om soos God aanbid te word. Hy het twee derdes gevat, twee derdes van die sterre van die Hemel. Het homself verhef bo daardie sterre, en vir hulle gepreek, en het twee derdes van hulle mislei. Sien julle dit? Goed. Let op, dis sy ambisie.

En nou is hy gereed, met sy sorgvuldige uitgesoekte, geleerde bruid deur sy eie kennis, sien, heel toegeverf in sy misleiding, van groot geboue en groot denominasies, en verf van kennis en teologie, en slim en intellektueel, en geleerd, om die hele wêreld te mislei, en word 'n "god." Dis wat hy gedoen het. Alles loop saam in die persoon van die antichris wat alreeds "die vikaris van God gekroon is," deur sy liefdevolle-wêreldse, wetenskaplike bruid, uitgevat in die praal van intellektuele, godsdienstige geleerdheid. Sy is godsdienstig gemaak soos hy, en deur sy eie interpretasie van die Woord van God soos hy met Eva gemaak het, en wat sy seun Kain gedoen het.

Het jy gesê: "Satan se seun?"

42 Wys my een plek in die Bybel waar Kain ooit Adam se seun genoem is. Die Bybel het gesê hy was "die seun van daardie bose een," die saad van die slang. Nee, die deksel is nou afgehaal, broer. Die piramide is oopgemaak, soos die openbaring getoon het.

Let op wat hy sal doen, sy gedagtes. Hy het gedink God woon in wêreldse mooiheid. Hy het dit in die Hemel gedoen. Sonde het nooit in die tuin van Eden begin nie; dit het in die Hemel begin, toe Lucifer, die seun van die dageraad, homself in skoonheid verhef het, en wou 'n mooier koninkryk as Michael hê. En hy het gedink dat God in skoonheid woon.

En let op Kain. Hy wou geen bloedoffer hê nie. Hy het afgekom en die vrugte geoffer, of die velde wat mooi was op sy altaar. Baie godsdienstig, alles gedoen net presies, soos Abel gemaak het; 'n offerande geoffer, voor God neergeval in aanbidding, gehoorsaam in elke opsig, maar sonder die openbaring van die Woord.

En die Woord was, van die begin af, God se plan. Maar God openbaar, deur openbaring, die einste ding wat Hy bevestig en beklemtoon het dat dit reg was. Nie godsdiens nie, nie 'n altaar, nie aan kerk behoort nie, nie 'n offerhande maak nie, nie opreg wees nie; maar deur die openbaring van die Woord van God. God wat aan hom openbaar wat dat dit....

Sy moeder het nie 'n appel geneem wat 'n slang haar gegee het nie, maar sy het 'n seksuele verhouding met die persoon van Satan gehad in die vorm van die dier; nie 'n reptiel nie, maar die slimste, subtielste van al die veld, die beeld van die mens, die enigste ding wat met die saad sou meng. Nou probeer die wetenskaplikes hom vind. En hulle sal hom nooit vind nie, want elke been in sy liggaam het

verander. Maar die Bybel verklaar dat dit so is.

43 Let op wat hierdie kêrel nou sal doen. Hierdie kêrel, "Hy sal in die tempel van God sit," dit is, die kerk, "homself openbaar om God te wees." Nou as julle dit wil lees, dis Tweede Thessalonicense 2:3 en 4, en Openbaring 13:4, 11 en 12; waar beide profete gespreek het, beide Johannes en Paulus, van wat hy sou wees in die laaste dae. Nou lees julle dit, want ek het hier neergeskryf. Maar ek ... om nou tyd te bespaar.

Die dag waarin ons lewe word genoem, "die dag van die mens," staan in die Bybel, die mens se dag. Hierdie is nie God se dag nie. God is nie die god van hierdie aarde nie; die Bybel sê Hy is nie. Hy's die God van die Hemel. Maar hierdie is nie God se dag nie.

Dit is keusedag. Of, leef vir vandag, en sterf; kies God, en lewe. En God is die Woord, en die Woord is die Woord gemanifesteer vir die uur en die dag.

44 Let op, "die dag van die mens." As julle dit wil neerskryf, ek wou dit lees. Maar Een Korinthiërs 5:1-5.... Een Korinthiërs 4:1-5, verskoon my, Een Korinthiërs 4:1 en 5, het Paulus gepraat van om deur mense geoordeel te word, in die mens se dag.

"Die dag, hoekom noem jy dit die mens se dag?" sal julle vra. Dis die dag dat die werke van die mens deur kennis verheerlik word.

Kyk , al die gespog van die kommuniste, iemand wat probeer om iemand op die maan te kry. God probeer om iemand in die Hemel te kry. Sien? Maar kyk hoe spandeer hulle miljoene en biljoene en triljoene dollars, in 'n vermorste poging. Wanneer hulle daar kom, gaan hulle niks kry nie. Wat is die probleem met hulle?

Ek gee nie om oor die maan nie. Ek wil so vinnig verby die maan gaan, ek sal dit nie eens sien nie; net aanhou hoër gaan. Ek wil by die Melkweg verbygaan, voortgaan, net bly aangaan. Ja!

45 En die wêreld wy hulle vandag aan die kennis wat deur Satan gekom het. En die mens se dag word verheerlik, nie deur die Woord van God nie, maar deur die kennis wat hy het.

Nou dink. Laat dit insink. En wanneer jy hierdie band terugspeel, by hierdie punt, stop vir 'n oomblik en dink.

Sy werke word verhef bo God se Woord en gemanifesteerde werke; die wysheid van Satan, wat hy vir Eva gegee het aan die begin. Nou luister; moet dit nie mis nie. Die wysheid van Satan word verhef tot die troon van aanbidding, in die mens, bo die bevestigde Woord van God vir die uur. Ons kerke bewys dit deur hulle seminariums, leerskole, dat hulle dink hulle het meer geleer het as wat God se Woord daarvan weet. En daar het Doktor So-en-so, en Leermeester So-en-so en Professor So-en-so, hulle sogenaamde kennis, (van Satan) waarheid, verhef bo die bevestigde belofte van God, wat reg voor hulle duidelik gemaak is. En die mens val daarvoor. Sien?

Sy wetenskaplike prestasies, probeer God se Woord verkeerd bewys. Dink net daaraan. Hy, syne, dit is, die mens se teologie, verduidelik God se Woord vir die mense, en maak Dit weer kragteloos, soos hy dit gehad het in die denominasionele eeu toe Jesus op die aarde verskyn het. Jesus het gesê: "Julle skynheiliges! Julle, deur jul tradisie," dis hulle interpretasie, "het die Woord van God geneem en Dit kragteloos gemaak vir die mense." En dis dieselfde ding wat hulle vandag gedoen het. Dit het nie die krag nie.

46 Let op, "Hulle," die mense, "verhef hom bo alles wat God genoem word." Sê Tweede Thessalonicense nie hulle sou dit doen nie? En die outoriteit van 'n denominasionele kerk, glo die mense daardie denominasie meer as wat hulle God glo. En God is die Woord. Hulle sal hulle denominasionele belydenis glo bo die Woord, wat "hom verhef bo alles wat God genoem word." En daar's net een God, en dis die Woord.

"Alles wat God genoem word; so hy as God sit in die kerk van die God, bewys dat hy God is," want hy het die mense wat hom aanbid. God is die Woord. En hy verhef homself bo alles wat God genoem word. En daar's net een God, en daardie God is die Woord. Sien? "En alles wat God genoem word," is, die god van hierdie eeu wat homself verhef bo die ware, bevestigde Woord van God. Dis Johannes 1. Sien? "Bo alles wat God genoem word, sodat hy as God in die tempel van God sit," met outoriteit.

Kyk, en hy word geloof daarvoor! O, laat die mense, God, daardie misleiding sien! Hy word geloof daarvoor, en waarlik geglo deur die mense van hierdie bose eeu. Nou sien julle die god en sy dienaars van hierdie bose eeu?

47 Nou laat ons kyk hoe dit gemanifesteer word. Hy sê hy maak 'n beter wêreld vir hulle om in te woon, deur sy kennis apart van die onfeilbare Woord van God. Maar deur sy samekoms, in denominasies, en belydenisse, en intellektueel, en wetenskap, ensovoorts, maak hy 'n beter wêreld vir die mens om in te lewe, en ignoreer die belofte van God, dat die enigste tyd wat die wêreld 'n geskikte plek sal wees om te

lewe is in die Millennium. Julle weet, my opinie is, hy het 'n beter wêreld gemaak om in te sondig, in plaas van in te lewe.

Let op. Het hy dit gedoen? Hy het sonde wettig gemaak. Hy het die drink van wiskey wettig gemaak, die rook van sigarette. En in die kerke, 'n wet gemaak dat 'n vrou 'n lidmaat van die kerk kan wees, met kort hare. Nou kan julle net 'n oomblik stop.

48 Sy kan kortbroek dra, verf aansit, en nog 'n lid van sy godsdienstige groep wees, wat absoluut teenstrydig is met die Woord van God. Hy sê dis reg. Sien julle sy kennis? "Wat het dit te doen met 'n vrou?" Net dieselfde as om die verbode vrug te neem, of nie die verbode vrug nie, dis wat dit is. God het gesê moenie dit doen nie, maar hy doen dit.

En sy glo hom, en sy het hom lief daarvoor. Sy haat God. Haar eie dade bewys dit. Sy sê sy het Hom lief, maar sy het Satan lief. Sy aanbid die god van die mode, die god van die wêreld, die Hollywood godinne. Sy het hom lief, maar sy haat die ware Woord van God, wat die enigste ware God is.

Wettig dit in die kerke. "Daar's geen kwaad nie. Ons vroue kan dit doen, dat, of die ander." Maar in die Teenwoordigheid van die lewende God, is sy nie eers toeglaat om te kom, tensy sy bekeer nie.

Sien, hy is die god van die wêreldse skoonheid, hy is. Sy wil pragtig lyk. En hy is die god van skoonheid, van die begin af. Hy kan, en het daarin geslaag deur sy kennis van wetenskap en materiale, om skoonheid te maak vir sy, hierdie modeleeu ... hierdie moderne eeu, liewer, van boosheid. Dit het skoonheid gemaak.

49 Let op. Dis noemenswaardig om op te let. In die begin, het Set en sy kinders nooit die wetenskaplike weg gegaan nie.

Nou gaan ons oor wetenskap praat vir 'n paar minute. As ek dit sê, verskoon ek nie my onkunde nie; maar, 'n klomp onkundiges, enigiets wat die Woord van God sal ontken. Sien? Sekerlik.

Dis noemenswaardig. Hou dit dop. Set se kinders het nooit die wetenskaplike weg gekies nie. Hulle was nederige herders, boere, ensovoorts.

Maar Kain se kinders het. Waarom? Geïnspireer deur hulle pa, die duiwel. Kain, geïnspireer deur sy pa, die duiwel, en hulle is geïnspireer deur daardie saad wat oor geërf is.

Kyk na die saad van God wat deur elke eeu geërf word, en kyk waarheen dit vandag op pad is. Christene, egte Christene, is nie almal oor wetenskaplike navorsing en goed nie. Nee. Net 'n oomblik, ons sal daarby kom.

Maar Kain sin het, aard na hulle vader die duiwel, vol van wêreldse kennis, prag, en wetenskap, ensovoorts. Kain se kinders was wetenskaplikes. Hulle was geleerd. Hulle was die spelers van musiekinstrumente; 'n moderne Elvis Presley, party van hierdie goed wat die skoolraad toelaat om elke Saterdagaand hier in die laan te speel. Bouers van stede, versier vroue vir persoonlike welluste, en die duiwel vroue verf gee, en hulle hare kort knip, hulle laat kortbroeke dra, en sulke dinge. Dis vir sy eie vuil welluste. Dis baie prontuit, maar ek weet nie van enige ander manier om dit te sê nie.

50 Nou, ons weet dat Satan se evangelie is 'n evangelie van wetenskap en vooruitgang. Hy het dit in Eden gepreek; nie God nie; Satan het, die wetenskap van vooruitgang. Wetenskap en vooruitgang is Satan se evangelie. Kyk waarheen het hy ons vandag, daarmee gelei. Sien?

Let op, hy het dit in Eden gepreek, vir wie? Aan Adam se bruid. En sy het daarvoor geval. Hy het haar mislei om een van God se Woorde te bevraagteken. Laat ons sien wat hy kon gesê het. Hy moes gesê het, "Dis nie wetenskaplik om in hierdie heilige kerk dood te gaan nie." Of, "Jy sal geskool en opgevoed word om nie sulke onredelike dinge soos die dood te glo nie. Ek gee nie om of God se Woord dit gesê het nie; dis onredelik."

51 O, kyk vandag na hom. "God is 'n goeie God. Jy is in Sy heilige kerk; so, jy kan nie sterf nie." Maar God het gesê jy sou, en dit handel dit af. Sien julle hom vandag? "O, behoort net aan 'n kerk. Dis nie wat jy doen, of dit, dat, of die ander nie. Kom net kerk toe en wees 'n goeie lidmaat. Om jou hare te sny, dis onsin. En kortbroek dra, en grimering aansit, en na danse toe gaan, en 'n bietjie bier af en toe, sal jou nie seermaak nie, solank as wat jy nie daaraan oorgee nie. Eerlik, ek wens julle kinders wil dit neem, sodat hulle kan leer of hulle daarvan hou of nie." Daar is hy, die god van hierdie eeu, hierdie bose eeu.

"God is 'n goeie God." Ek het dit so baie gehoor dat ek naar word. God is ook 'n God van geregtigheid. Hy is nie 'n ou mallerige oupa wat rondgestoot kan word nie, en Sy kleinkinders het nie enige sonde nie. Hy's 'n God van geregtigheid en heiligheid. Hy het dit bewys in die tuin van Eden, met Sy eerste kinders. Tree jy oor daardie lyn, van een van Sy Woorde, is jy dood. Dieselfde ding geld vandag.

52 En let op, hy het daardie soort van 'n wetenskaplike, sosiale, geleerde, progressiewe evangelie vir Eva gepreek, en Adam se bruid het dit geglo. En hy het daarin geslaag om die sogenaamde bruid van Christus, die kerk van die Tweede Adam, met dieselfde argumente te vul. Dis reg.

"O, dis nie vir God nie; God is te goed om dit te doen. Wel, solank jy kerk toe gaan. 'As jy glo.'" Die duiwel glo; maak nie of hy glo nie, maar hy glo regtig. Hy is nie gered nie. "'As jy glo.'" Huh!

Hy sê vir die tweede bruid, of die Tweede bruid van Adam, dieselfde as wat hy vir die eerste een vertel het. Soos dit: "Nou, Goddelike genesing, daar is nie so-iets nie. Ons kan dit bewys. Daar was nooit 'n geval bewys nie." "En hierdie doop in Jesus se Naam, nou besef julle nie dat ek die outoriteit van die kerk is nie?" sê hy. "Ons het dit afgehandel by Nicaea, Rome," toe daardie drie onrein geeste uit die draak uitgegaan het, die valse profete, ensovoorts. "Ons glo daar is 'n drie eenheid van Gode." O, om liefdeswil! Dis so heidens soos kan wees. Moet nooit voor God verskyn met so 'n ding soos dit nie, en in Sy Teenwoordigheid probeer staan nie. "O, dit maak nie enige verskil of julle gedoop is in die titels van 'Vader, Seun, Heilige Gees nie.' Watter verskil maak dit?"

53 Dit het so baie verskil gemaak, dat Paulus 'n klomp Baptiste beveel het dat hulle herdoop moes word in die Naam van Jesus Christus, voor die Heilige Gees ooit op hulle sou kom. En daardie apostel het ook uitgeroep, en gesê, "As 'n engel uit die Hemel kom en enigiets anders verkondig, laat hom vervloek wees." Sekerlik, dit maak 'n verskil. O, goeiste!

"Daar is nie so-iets soos die doping van die Heilige Gees in hierdie dae nie. Dit was net vir die apostels. Dis verby. En 'n ding soos profete? Dis nie eers bekend nie. Wonderwerke? Hulle is nie wetenskaplik nie. Maleági 4? Dit was vir 'n ander eeu. Johannes 14:12? O, Jesus het dit nie regtig bedoel nie. Lukas 17:30? O, dit was net 'n mite. Sien, dit is verkeerd geïnterpreteer; dit was nie in die oorspronklike nie." Sulke bog!

Wanneer Almagtige God in ons midde neerdaal en dit bewys. Wanneer Hy sê, dat: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," Hy bewys dit. Ek gee nie om wie sê nee daaroor nie; God interpreteer Sy Eie Woord. Hy het gesê Hy sou hierdie dinge doen in die laaste dae. "Daar sal Lig wees in die aandtyd." En daar is Lig, vir die manifestasie van die Seun van God.

54 Dieselfde son wat in die ooste opkom is dieselfde son wat in die weste sak. Die profeet het gesê, "Daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag genoem kan word nie." Dis 'n somber, soos die wolke, voor die aangesig van die son kom. Maar het gesê, "Teen die aand tyd sal daar weer Lig kom." Dieselfde Seun! Hy is Alfa en Oméga. Dieselfde Seun wat in die ooste opgestaan het is voorspel om weer in die weste op te staan, in die laaste dae, net voor die dag verby is. Ek weet nie hoe hulle Dit interpreteer nie; God interpreteer Sy Eie Woord. Hy bewys Dit. Hierdie is die aandtyd.

Dis jammer, maar sy het gewis weer daarvoor geval. Christus se bruid het daarvoor geval, en het die intellektuele kennis van een of ander seminarium prediker aanvaar in plaas van die suiwer, bevestigde Woord van God te glo .

55 Nou predikers oor die land waar julle ook al is, julle mag Hiermee verskil. Ek maak julle nie seer nie. Ek probeer net.... Ek praat met my eie groep. Ek probeer net.... As julle wil inluister, sal ek sekerlik bly wees vir julle om Dit te hoor. En dan luister julle Daarna. Sien? Maar ek vertel hulle net wat hulle gesien het, en wys dit vir hulle; God wat dit bewys, dat dit reg is. Sien?

Dit is die uur. Het nie enigiemand nodig om Dit te interpreteer nie. Jou wêreldse kennis het niks.... Jy mag 'n B.A., D.D., A.D., of wat dit ook al mag wees; dit beteken niks nie. God interpreteer Self Sy Woord. Hy het dit belowe, en hier is dit.

Maar deur die kennis van seminarium, denominasionele prediking, "het veroorsaak dat die hele wêreld die dier bewonder wie se dodelike wond genees is," van heidens na pouslik. Sien waarheen sy op pad is? Sy glo dit. Sy glo die kennis wat hy haar meedeel.

56 Dit is, kyk nou, dit is dat beide verloofde bruide Satan se kennis geglo het teen God se Woord. Die bruid van Adam het Satan se kennis geglo teen God se Woord, en die bruid van Christus het Satan se kennis geglo, in hierdie intellektueel bose eeu, teen God se Woord.

En let op. Eva, in die natuurlike, wat dit geglo het, en toe word die hele menslike ras in die dood gedompel. Die natuurlike bruid! Adam, die natuurlike mens van die aarde; voordat hy by haar sy bruid, gekom het, om sy vrou te wees, word deur die hele menslike ras in die dood gedompel. Of dit wetenskaplik is of nie, ons sal nogtans sterf, want God het gesê ons sou.

Of jy in heilige Eden, of heilige kerk, of heilige denominasie, of wat dit ook al mag wees, jy sal die dag sterf as jy een Woord van God wat die waarheid is, nie glo nie, wanneer Dit aan jou bevestig en bewys is. Dis die dag dat jy jouself afsonder van God. Nie net die hele sin nie, een Woord. "Wie ook al een woord sal byvoeg, of Een wegneem," dis die dag dat jy sterf.

57 Let op, Adam se bruid het natuurlike dood veroorsaak vir haar ras, die menslike ras.

En Adam se tweede bruid, Christus se verloofde bruid, het die hele kerk na 'n denominasionele dood gedompel, om die merk van die dier te neem, deur die wetenskaplike, intellektuele, groot denominasies. "Ons is Baptiste. Ons is Presbiteriane. Ons is Pinksters," ensovoorts. "Ons het hierdie, en ons besit baie eiendom. Ons, ons is bekend met die regering. Ons is almal reg rondom die wêreld," en al sulke dinge. "En die beste, en die burgemeester van die stad, ensovoorts, kom na ons toe. Selfs die President kom na ons toe om mis te hê, en ons kom tot hier, daar, of die ander." Die hele wêreld is gedompel in 'n geestelike, denominasionele dood; die hele kerk. Sy is dood!

Julle sê: "Jy dek 'n groot gebied."

Jesus het gesê, "Soos dit was in die dae van Noag, waarin agt siele gered is, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." "In die dae van Lot, waar drie uit Sodom uitgebring is, op daardie dag...." Nou onthou daar's alreeds 'n groep wat reeds uit is. "Maar soos dit toe was, wanneer die Seun van die mens gemanifesteer sal word." Kyk wat 'n dag, kyk waar ons lewe!

58 Nou het sy veroorsaak dat die hele wêreld die wetenskaplike leierskap aanvaar het van die opvoedkundige program wat Satan haar gegee het onder die naam van 'n kerk, die leierskap van 'n opvoedkundige, wetenskaplike program. Ek skilder vir julle die god van hierdie wêreld.

Toe sy Eva, die einste vervulling van God se Woord in haar hand gehad het, kon sy God se Woord aanvaar het. Maar wat het sy Daarmee gedoen? In plaas van wag vir die doping van die Heilige Gees, het wetenskap vir haar laat bewys dat die Heilige Gees net vir die dissipels was.

In plaas van Goddelike genesing aan die gang te hou, toe sy nou die dooies behoort op te gewek het en groot wonders te gedoen het; het sy laat Satan, onder sy leierskap van godsdienstige mense, die Woord van God te neem en probeer sê Dit is vir 'n ander eeu. En sy het dit geglo.

59 Wanneer, die Bybel sê, "Die dinge wat Ek doen sal julle ook doen." Jesus het dit gesê. "Gaan julle in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Ons is nog steeds skepsels. "Hierdie tekens sal volg aan elke een van hulle wat glo." Sy ontken elke deel Daarvan.

Sy ontken al die bonatuurlike, en sy het Dit verruil vir sy intellektuele opvatting van die Bybel; waar priesters, en heilige vaders, sogenaamd, waar biskoppe, aartsbiskoppe, waar distrikspresbiters, algemene opsieners, ensovoorts, hulle eie interpretasie Daaraan geheg het. En God het hulle verlaat, sit daar, so dood soos twaalfuur.

Die enigste ding wat in die laaste dae oor is 'n klomp Pinkstermense met 'n klomp opgesweepte musiek so hard as wat hulle kan, wat op-en-af hardloop oor die vloere, in tale praat en skree, "en het 'n vorm van godsaligheid, maar die Woord daarvan ontken." Vertel hulle om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus; lag hulle in jou gesig. Maar, dit, God gaan reguit voort om dit dieselfde te maak, bewys Sy Woord om reg te wees.

60 Let op, die boom wat Satan veroorsaak het dat Eva deelgenoot moet wees, was "die boom van goed en kwaad." Dit was 'n gemengde boom.

Nou kyk na die dag waarin ons lewe, wanneer Hy 'n Bruid uitroep. Hy het 'n kerk wat daarop aanspraak maak om goed te doen, wanneer dit boos is, deur die Woord te ontken. 'n Gemengde boom. O, sê, "Hulle het groot verenigings. Hulle help hierdie. En die Rooi Kruis ondersteun dit. En al die skole, hulle.... Kyk hier!"

O, maar net om een Woord te ontken, dis al wat jy hoef te doen om te sterf; maak nie saak hoe intellektueel, hoe goed dit is nie. Jesus het gesê: "'n Bietjie suurdeeg maak alles suur." Een brokkie suurdeeg ruïneer die klont. Een Woord van God, misplaas, bederf die hele Prent. Wat van my arm waar my voet moet wees? Sien? Wat as my oor hieronder was waar my hand behoort? "'n Bietjie suurdeeg maak die hele klont suur."

Julle sê, "Hoe weet jy dat Dit reg is?" God bewys Dit is reg. Hy bevestig Dit. Hy het Dit hier in die Woord gesê, dan bewys Hy Dit. Dis hoe ons weet of Dit reg is of nie.

Ontken net een Woord dit is al wat dit neem om te sterf. Dit het dieselfde resultate in hierdie bose eeu gebring, geestelike dood, soos dit fisiese dood gebring het vir die hele menslike ras.

61 Let op hoe Satan daardie wetenskaplike eeu destyds, van Noag, terug gebring het, om op hulle eie insig te steun. Huh! Die Bybel vertel ons, in Spreuke, "Steun nie op jou eie insig nie." En, "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en God s'n waar wees." Maar Satan, deur sy kennis, van die begin af in die tuin van Eden, het die mense oorreed om op hulle eie insig te steun. En, julle weet, deur sy groot Max Factor se werke wat hy destyds gehad het, het hy vroue so mooi gemaak wat veroorsaak het dat die seun van die mens ... die seuns van God, liewer, om hulle te trou en in sonde te verval. Reg. Hy.... Vroue was so

mooi, so mooi.

Neem nou die gewone vrou op straat vandag. 'n Klomp van julle het die storie gelees; jy het nooit daarvan gehoor nie, want dit was voor my dae. Pearl O'Brien, hoeveel het al van haar gehoor? Sekerlik. Sy was veronderstel om die pragtigste vrou in die wêreld te wees. Wel, daar is nie 'n skoolkind in die skool vandag wat twee keer so mooi is as wat sy was nie. Hoekom is dit? Die skoonheid van vroue is wat in die laaste dae gaan gebeur.

Hulle het hulle hare af gesny. Hulle het hulle in dogtertjies rokke laat aantrek. Hulle dra kortbroeke, en bikini's, en wat jy dit ookal noem, aan hulle. Hulle sit verf, en rooisel, en al hierdie soort dinge aan, om hulle iets te maak wat hulle nie is nie. Sien? Maar deur wetenskaplike kennis was hulle in staat om dit te bereik. Weet julle daar's meer aan skoonheidsmiddels gespandeer vir vroue, as wat daar is, in die Verenigde State, twee of drie maal soveel as wat daar vir kos gespandeer word om van te lewe? Dit het bewys, dis reg, aan skoonheidsmiddels.

62 Let op: "Die seuns van God het die dogters van die mense gesien," nie dogters van God nie, "die dogters van die mense, dat hulle mooi was," en dit het veroorsaak dat die seuns van God in hierdie misleiding verval het. "En het daardie soort vroue geneem en met hulle getrou," en dit het 'n eeu van prostitusie gebring, net soos dit vandag is; soos dit in Sodom was, soos dit voorspel is om vandag te wees.

Dat, wanneer mans en vroue van vandag vroue ruil. As hulle nie van hierdie vrou hou nie, gaan hulle oor na Reno, Nevada, en trou, of kry 'n egskeiding, en trou weer binne vyftien minute. En vroue is so mooi dat hulle byna onweerstaanbaar is. En wat is dit? Die duiwel! Sien Satan is steeds in skoonheid? Let op.

Let op, daardie sonde is hulle nooit vergewe nie. Daardie mooi, wetenskaplike eeu was die einste bose eeu wat God vernietig het van die aangesig van die aarde; daardie mooi, wetenskaplike eeu. Jesus het gesê dit sal weer so wees net voor die koms van die Seun van die mens. Dit reg? Let op, Jesus het gesê, "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens," toe hulle almal probeer trou het.... Nou kyk, "Die seuns van God het die mooi dogters van die mense getrou," en God het hulle nooit daarvoor vergewe nie.

63 Net dieselfde as Bileam se lering, dat hy veroorsaak het dat die mooi, intellektuele, wetenskaplike vroue van Moab ... met hulle uitlokkende oë, haar verwe en poeiers, haar goeie parfuums, die seuns van God uigelok het; teen hulle eie vroue wat gewerk het en eelte op hulle hande gehad het, met geen grimering nie. Het hulle verlei, en, "Laat ons met mekaar trou, want ons is almal dieselfde mense." Dit was 'n leuen!

Dit was 'n leuen, en 'n prestasie van die duiwel, om die seuns van God te kry om die dogters van die mense te trou. Dit was die leuen van die duiwel, vir Bileam, daardie valse profeet, om te probeer om teen Moses te profeteer, wat probeer het om die ras bymekaar te hou; om te sê, "Wel, ons glo dieselfde God. Ons offer dieselfde offers. Ons het dieselfde offerhandes. Ons doen alles net dieselfde."

"So naby dat dit die Uitverkorenes sou mislei indien moontlik." Sien? [Leë kol op band] Kom weg van haar af, mense! Jy het niks met haar te doen nie!

64 Let op, dit was onwaarskynlik dat God Sy Woord sou interpreteer vir Kain se bose geslag. Nee. God sou nie Sy Woord vir hulle interpreteer nie. Let op.... [Leë kol op band]

God, die kennis om 'n wêreld so mooi en wetenskaplik te maak en sondig, dat Hy dit moes vernietig? Sou God dit doen, 'n wêreld so mooi maak; kyk hier, God wat Sy dogters so mooi maak, en hulle so uitlokkend aantrek, dat Sy seuns hulle sou begeer en egbreuk sou pleeg? Wat? God so-iets doen?

Hierdie naakte, afgestroopte klomp Laodicese, aanbid die god van hierdie wêreld, deur hulle etiek, en geleerdheid, en listigheid, en prag! "Kom uit haar uit," het die Bybel gesê: "wees nie deelgenote van haar sondes nie, en moenie haar plae ontvang nie." God sal eendag hael uit die lug laat reën, so groot soos honderd pond per stuk, en sal haar vernietig deur haar te stenig; soos Sy Woord altyd gesê het deur Sy wette Hy sou doen.

Wel, as God 'n ding soos dit gedoen het, Sy Woord geopenbaar het aan sulke mense, sou Hy Sy Eie doel verydel het. God is nie dwaas nie. Hy's die bron van alle wysheid.

So julle sien waar daardie goed vandaan kom? Dit kom van Satan, en dis steeds van Satan. En die kerk het dit geglo.

65 Nou, sien julle, vroue, ek probeer my bes om julle die Woord van God te wys. Die Bybel het gesê: "As 'n vrou haar hare sny, onteer sy haar hoof," wat haar man is. En haar man is die hoof, saam met God, so sy onteer God en haar man.

Nou dit toon wie die hoof is van hierdie wêreld se kerk sisteem. Dit toon wie die hoof daarvan is. Dis Satan, in die vorm van 'n super mens, persoon van kennis, 'n super kennis. Hy weet meer as al die res van hulle. Maak nie saak wat die Woord sê nie, hy het sy eie interpretasie Daarvan, sien, die interpretasie van hierdie bose eeu.

66 Let op sy planne om 'n super denominasionele kerk te bou, die Wêreldraad van Kerke, sien, 'n super denominasie, sodat die hele wêreld hom die dier sal aanbid, onder die naam van verenigde Christendom. Wil julle dit graag in die Bybel lees? Openbaring 13:6 en 8. Dis 'n moderne toring van Babel.

Onthou julle nie hoedat Nimrod, daardie geveinsde, hierdie groot toring gebou het, en al die ander klein stede huldeblyk moes toon nie? Brabbel en Babel is dieselfde ding. Dit verander net sy name, soos dit verder voorkom. Dis, Rome is nou Babilon. En die hele wêreld word na Babilon gebring, en dit word ingebring deur die Wêreldraad van Kerke, wat sal maak dat elkeen van hulle voor haar sal buig. En julle het die merk van die dier gevat, en nie geweet wat julle doen nie. Omdat....

Maar diegene wat uitverkies is sal die Woord hoor en daar uitkom.

67 Hoe teenstrydig is denominasie van God se Woord! Hy het nooit een gehad nie, nooit in een opgetree nie, nooit met een gehandel nie. Ek wil hê een of ander geskiedkundige moet my wys waar 'n profeet ooit uit 'n kerk gekom het. Wys my waar God ooit 'n kerk geseën het wat ... nadat dit georganiseer het. Sy het op die rak beland en gesterf, met intellektuele wysheid van die duiwel, deur hulle leiers, en het die Woord van God geweier soos Dit gegroei tot in die volmaakte gestalte van Christus. Nou is dit by die hoof. Hoe teenstrydig!

Skei van daardie ongelowige Eva, julle kinders van die Aandlig!

Satan, god van hierdie eeu, deur sy kennis, laat die mense eet van sy gemengde boom van goed en kwaad. Let op, Satan, deur sy kennis, veroorsaak dat die mense van hierdie bose eeu van sy boom van goed en kwaad eet. Hy sê dat hy 'n groter Christelike beskawing bou, deur sy kennis van goed en kwaad, 'n groter Christelike beskawing.

Maar Christus se klein Maagd, Woord, Kudde, Bruid, gee nie om vir sy kennis nie. Sy bly, hom, vry van hom. Wat is.... Nou laat ons 'n oomblik van haar praat. Sy wag op Haar Heer en Sy Millennium wittebrood, reg, met die Woord Bruidegom, en Sy is die Woord Bruid.

68 Kennis en beskawing en ware Christendom, het niks in gemeen nie. Beskawing en ware Christendom, het nie een ding in gemeen nie.

Beskawing is deur kennis. Ons weet dit almal. En kennis is uit Eden, het dit bewys, deur wat hy in Eden verkondig het. En kennis veroorsaak die dood. Is dit reg? Wat het die dood veroorsaak in die tuin van Eden? Kennis. Maar kan nie van God wees nie, so dis van die duiwel. Sjoe, was dit 'n goeie een! Kennis, wetenskap, geleerdheid, is die grootste hindernis wat God ooit gehad het. Dit is van die duiwel.

Nou ek sal 'n paar briewe daaroor kry, ek weet. Ek wag vir hulle.

Kyk waarin het kultuur ons nou laat beland. Sien? Kyk wat het dit gedoen. Waar is ons? Ons het op daardie dinge gesteun, deur ons eie insig en deur ons wetenskap.

Julle sê: "Wat van God, dink jy Hy is onkundig?" O, nee.

God sal Sy Eie soort beskawing op aarde oprig, as Hy dit oorneem. Hierdie is Satan se wêreld; hy is nou god van sy wêreldse wetenskaplike kennis. Maar God sal Sy Eie soort beskawing oprig. Dit sal nie 'n beskawing soos hierdie wees nie. Onthou dit net julle. Dit sal nie die soort beskawing wees wat ons vandag het nie. Nee, nee. Dit sal wees volgens Sy Woord en Sy doel. Want, die god van hierdie huidige bose eeu sal vernietig word, en sy koninkryk saam met hom.

69 Hierdie moderne kennisbehepte eeu kon nie 'n beter leier gehad het as die een wat hulle het nie, Satan, 'n verdraaier van die Woord van God, soos hy begin het in die tuin van Eden, maar 'n godsdienstige mens wat op sy eie insig staatmaak.

Soos ek tevore gesê het, Spreuke 3:5, dat, "Ons moenie steun op ons eie insig nie."

Hulle moet 'n god hê, want hulle is menslik. Tog, hy maak hulle wat hulle wil hê. As 'n menslike wese te wees, altyd, alle menslike wesens.... Toe ons hier gekom het, het ons selfs die Indiane afgode sien aanbid, en die son, en alles. As 'n menslike wese, moet hulle 'n god hê. So moet hierdie groot intellektuele eeu 'n god hê, so dit het geword.... Die god van hierdie wêreld het kennis, denominasie, en wetenskap geword, "wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die Krag daarvan verloën."

70 Let op, hulle god maak hulle net wat hulle wil hê. Hulle begeer die vlees, en dis wat hy hulle gee. "Hulle wil bikini's dra. Laat hulle dit dra. Sien? As hulle dit of dat wil doen, laat hulle dit doen. Is geen

kwaad daarin nie; hulle gaan kerk toe. Hulle moeder was Metodis, Baptis, Pinkster, Presbiteriaan. Laat hulle net alleen."

Dis die god van hierdie eeu; slim, wyse, wetenskaplik. Dit benodig geen geloof nie. Dit hoef nie enigiets te bewys nie. Dis alreeds bewys, deur hulle kennis. "Wel, ons is die grootste kerk wat daar in die dorp is," hulle kennis. "Ons pastoor het 'n D.D., Ph.D." Sien, nie nodig vir geloof nie; vertrou op kennis. Laat hulle enige manier lewe, solank hulle kom om hom hulde te bewys deur hulle denominasie en geloofsbelydenis. Daar's 'n groot swart oog daar, maar kyk daarna.

Lag oor God se Woord, sê dinge teenstrydig met die Woord; en probeer, deur hulle kennis, wetenskaplik te bewys dat die Woord nie waar is nie. O, watter eeu lewe ons in! Sien die god van hierdie eeu?

71 Let op, maar God wag totdat die ongeregtigheid van hierdie moderne Amoriete vol is. Moenie bekommerd wees nie, Hy sal Sy Moses teen daardie tyd gereed hê. Daar sal eendag 'n eksodus wees, na die beloofde land. Daar sal 'n Moses te voorskyn kom, wat sal uitroep, "herstel die Geloof van die kinders terug na die vaders." Dit sal kom, een van hierdie dae. Het....

Jy sê: "Wel, kyk hoe vorder ons."

Sekerlik, die ongeregtigheid van die Amoriete is nog nie vol nie. Dit sal kom, een van hierdie dae. Laat hulle hulself vernietig.

Beskawing, kennis, verdraai God se Woord om hulle eie smaak te pas. Elke denominasie doen dieselfde ding. Satan preek dan sy eie evangelie van kennis in sy eie kerk.

72 Daar is net twee klasse mense wat van gepraat word in die Nuwe Testament. "Die kinders van God, en die kinders van die duiwel." Het julle dit geweet? Wil jy 'n Skrif daarvoor neerskryf? Een Johannes 3:10, as julle die Skrif wil hê. Ek lees dit net hier, het dit uitgeskryf. Goed. Goed.

In Efésiërs 2:2, word hulle genoem, "Die kinders van ongehoorsaamheid." Soos Eva was, ongehoorsaam aan God se Woord. Die kinders van gehoorsaamheid, en ongehoorsaamheid, het niks in gemeen nie.

Hoe kan die Bruid dan van Christus vereenselwig wees in 'n denominasie, wanneer een ongehoorsaam is en die ander gehoorsaam? Hoe kan een, die Woord wees; en die ander een, verdraaide woord? Hoe kan 'n prostituut en 'n rein vrou saamloop in ooreenkoms? Hulle kan dit nie doen nie. Hulle het geen gemeenskap met mekaar nie. "Kom uit onder hulle!" Dis van die duiwel. Dis die merk van die dier. Alle denominasies loop reg daarin. Ek gee nie om wie sin dit is nie.

God neem, nie 'n denominasie nie, "'n volk vir Sy Naam." 'n Denominasie sal nie hierdie Waarhede ontvang nie. Dit sal 'n indiwiduele persoon wees wat God kan sien, na Sy Woord kyk en Dit glo, en aan geen organisasie behoort nie; maar lewe vir God, nie vir sy organisasie nie, die intellektuele wysheid van een of ander biskop wat dit geleer het. Dis reg.

73 Die kinders van ongehoorsaamheid, en die kinders van gehoorsaamheid, het niks in gemeen nie. Een van die ... is van die dag van Lig; die ander een van die nag en duisternis, bose eeu, hierdie bose eeu van duisternis, nagklubs, danse, maar behoort tog nog aan 'n kerk. Dis in orde met hulle god. Hulle het nie enige veroordeling daaroor nie; niks hinder hulle nie.

"Wel, dit veroordeel my nie om my hare te sny nie, "het 'n vrou gesê. "My gewete pla my nie. Sy het geen gewete as wat 'n slang nie heupe het nie. Dis reg. Sekerlik nie. Sy weet nie wat 'n gewete is nie. Dis so hard toegeskroei dat sy nie eens weet wat dit is nie. Dis reg.

Loop rond, oor die Woord van God, en sê: "Wel, dis een of ander oumens storie. Moenie soontoe gaan nie; in elk geval, hulle maak net 'n klomp geraas en gaan aan." Huh! Weet niks meer van God as 'n Hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie. Dis reg. Dis waar.

"Het 'n vorm van godsaligheid, maar ontken die Krag daarvan; bly weg van sulkes. Want dit is die soort wat van huis tot huis gaan, en dwase vroue verlei."

"O, skat, jy is, jy behoort dit te doen. O, skat, ek dink jou ou verkrampte prediker daaronder, as jy net.... O, jy sou oulik lyk in 'n 'kini," of wat jy die ding ook al wil noem. "As jy, al hierdie dinge, daardie, en die ander doen. Wel, 'n sigaret sal niemand seermaak nie. Ek behoort aan die kerk, en julle weet ons denominasie kyk op na ons sowel as enigiemand anders." Julle moenie daardie ou geverfde leuenaar glo nie. Sy lieg vir jou. Dis reg. Ja, meneer.

74 Dis in orde met hulle god. O, hy dink dis wonderlik, en hulle is sommer lief vir hom daaroor.

Goeiste, hulle sal met jou argumenteer. Hulle sal sommer opstaan en met jou daaroor redekawel. Wel,

sekerlik, Satan het reg in die gesig van Jesus Christus, die Woord gestaan, en probeer sê: "Daar staan geskrywe."

En daar was Hy, die bevestigde Woord van God. Hy het gesê: "Wyk agter My, Satan!" Loop net en doen dieselfde ding.

Soos 'n kêrel vir my eenkeer gesê het, hy sê: "Nou, as jy glo die doop van die Heilige Gees is reg, en jy glo jy het Dit," sê hy: "nou slaan my met blindheid." Dit was 'n prediker. Het gesê: "Slaan jy my met blindheid!" Hy het gesê, "Paulus het 'n man eendag met blindheid geslaan."

Ek het gesê: "Meneer, hoe kan ek jou met blindheid slaan as jy alreeds blind is? Hoe kan ek jou doodmaak wanneer jy alreeds dood is?" Uh-huh.

Hy het gesê: "Ek, my oë is twintig-twintig!"

Ek het gesê: "Jou fisiese deel; maar jy's steeds blind."

"Dis onmoontlik! Die Bybel interpreteer nie dinge nie. Ons praat waar die Bybel praat, en stil waar Dit stil is."

75 Ek het gesê: "Goed, toe Elía onder in Dotan was, sien kom daar 'n hele Siriese leër aan. En die dienskneg het nadergehardloop, en gesê: 'O, my vader!' Het gesê: 'My vader,' 'die Siriërs het ons omsingel.'"

"Elía het sy oë gevryf, wakker geword en het gesê, 'Daar is meer met ons as wat daar by hulle is.'"

"Hy het gesê: 'Ek sien niemand nie.'"

"Ek het gesê: 'God, open sy oë.' Nou, hy was blind. En hy het omgekyk na daardie ou profeet, en op die berge; wat vol Engele was, en strydwaens van Vuur, en perde van Vuur."

"En hy het daar uitgestap, en die Bybel het gesê: 'Hy het hulle met blindheid geslaan.' Blind waarvoor? Vir hom. Hy het uitgestap, gesê: 'Soek julle na Elía?'"

"'Ja, ons soek na hom.'"

"Gesê, 'Komaan, ek sal julle wys waar hy is.' Elía lei hulle na Elía. Blind!"

Ek het gesê, "Jy weet wat ek vir jou gaan sê? Net presies wat my Here vir jou vader gesê het, 'gaan weg van my af.'" Uh-huh. Uh-huh.

76 Let op, die kinders van gehoorsaamheid, en ongehoorsaamheid, het niks in gemeen nie. Die ongehoorsames aanbid hulle god. "O," hulle sê, "ons glo die Bybel." Ja, dis 'n gemengde boom. Sien, hulle voeg die wêreld en kennis Daarby. Satan se boom, gemeng; sien, sy het van Satan se boom, goed en kwaad geneem. "O, ons glo die Woord." Sekerlik, maar nie alles Daarvan nie. Eva het ook die Woord geglo, maar laat Satan sy boom neem en Dit 'n bietjie verdraai. Dis wat dit is.

"Wie ook al een woord sal byvoeg, of een Woord Daaruit sal wegneem." Hy is steeds dieselfde gister, vandag, en vir altyd! Let op. Goed.

77 Hierdie bose eeu is van duisternis, maar behoort nog aan die kerk. Hulle god, hulle het hom lief daaroor, die manier wat hy hulle laat begaan. Hulle het geen veroordeling nie. Niks hinder hulle nie, solank hulle aan die kerk behoort.

Bileam het die kerk dieselfde ding geleer. "Laat ons verenig; ons is almal dieselfde." Dit was die laaste skelmstreek. God het hulle nooit vergewe omdat hulle so 'n leuen geglo het nie.

Onthou, dit was 'n onvergeeflike sonde, drie keer in die Bybel, vir enige persone om een woord by te voeg van hulle eie interpretasie van God se Woord nadat Dit as die Waarheid bevestig is.

In die tuin van Eden, reg, in die tuin van Eden, een woord bygevoeg het die dood veroorsaak.

Toe Bileam die woord bygevoeg het, dat, "Ons almal dieselfde is," hulle, het God Israel dit nooit vergewe nie. Elkeen van hulle het in die woestyn omgekom, behalwe die drie wat God uitgebring het.

Jesus het gesê, "Hulle is, elkeen, dood," dis vir Ewig geskei. Hulle is almal weg; is nooit vergewe nie. Dis 'n onvergeeflike sonde; hulle is nooit vergewe nie. O, goeiste!

Vlug daarvoor, kinders van die Aandligte!

78 Sien nou wie is die leier van hierdie moderne, godsdienstige, bose eeu? Dis die duiwel, neem daardie boom van goed en kwaad, en verkondig dit, let op, en bring sy pragtige kerkbruid na die ekumeniese raad vir 'n huwelik. Dis 'n goeie een. Sy pragtige wetenskaplike kerk, met al die grade wat gekry kan

word; die Ph.D.'s van die kerk van Christus, die Ph.D.'s van die Baptiste, Presbiteriaan, Pinksters, en almal. Bring hulle almal, met hulle versierde swierigheid en groot kerke, almal na die ekumeniese raad met, "Ons is een." Dit sal hulle nooit vergewe word nie. 'n Denominasie, om die brandmerk van 'n denominasie te dra, is die merk van die dier. Ons het al daardeur gegaan, om dit te doen. Vlug daarvoor, kinders, vlug daarvoor! Sien? Groot, pragtige kerk na die ekumeniese te dra, sy merk dra!

Kortbroeke, sekerlik, trek soos die wêreld aan, wulps, verf, regte goeie dissipels van die duiwel, om die seuns van God te mislei; trou met 'n goeie christen seun en neem hom na so 'n verdorwe plek. Dis reg. Wat 'n....

79 U het gesê: "Hare sny, wat het dit daarmee te doen?"

Broer, laat ons net 'n oomblik hier stilstaan. Ek voel net iemand het beswaar daarteen. Kon buite êrens op die lug gewees het.

Luister. Hare is vir 'n vrou 'n Nasireër-gelofte. Hare was vir Simson 'n Nasireër gelofte. En wanneer 'n vrou haar hare afsny, ontken sy absoluut haar Nasireërgelotfe dat sy 'n Bruid vir Christus is. Want, daar, net daardie een ding, bederf sy die hele Prent. Korrek! 'n Nasireër is "een wat aan 'n doel toegewy is." Is dit reg? Simson was toegewy aan 'n eeu en vir 'n doel, daarom het hy lang hare gehad. Die vrou wat 'n kind van God is, laat haar hare groei, om te wys dat sy toegewy is aan elke Woord van God.

As sy dit afsny, ek gee nie om hoeveel sy dans, sing, in die koor is, in tale praat, op en af hardloop, of het alle soorte van hulpverenigings nie, sy is dood. Dis SO SPREEK DIE HERE, die Woord van God. Een Korinthiërs 14. Ja. Sy het haar Nasireërgelofte verloën en is uitverkoop aan die god van hierdie moderne eeu. Sy doen dit. Nou, skaam jou, dame, of vrou!

Mislei die seuns van God, soos dit was. Soos Jesus gesê het, "Soos dit was in die dae van Noag, die vroue mooi, en die seuns van God begin onder hulle trou, so sal dit wees wanneer die Seun van die mens terugkeer." En hulle god dink dis wonderlik, en mooi, en wetenskaplik, kennis; Hollywood mode, uitgestal in sy eie winkel, sekerlik, al hierdie gemors en goed, julle weet.

80 En sy, sy kerk, is eenvoudig versot daarop! O, goeiste! "Ek sal jou laat verstaan, ek is 'n Metodis. Ek is 'n Presbiteriaan. Ons pastoor het meer verstand as om so-iets te sê." Hy het nie genoeg verstand om die dinge te sê wat God dan sê nie. Sien?

Sy, die kerk, aanbid dit eenvoudig. Sy is versot daarop. Net wat sy wou gehad het! Sy sal nie aansluit by enigiets nie, broer, of in niks kom nie, want sy tree anders op as hierdie moderne Isebels, want dis die natuur wat in haar is.

Hoe kan jy van enige aard wees.... "Wie kan een el by sy lengte voeg?" As jy gebore is om vyf voet lank te wees, sal jy nie ses voet wees nie. O, ja, soos Booth Clibborn se "rekmasjien."

81 Luister dan, mense, julle klomp Rickies! As jy gebore is om 'n man te wees, tree dan op soos 'n man. Hierdie gordyntjie wat in julle gesig afhang, en opgekrul is soos een of ander prikkelpop; wel, julle verderflike slange geslag! Wat is die probleem met julle, in elk geval?

My God sal hierdie nasie eendag met vuur oordeel. Hy sal dit onder die oseaan laat wegsink. Die uur van Sy oordeel is op hande. Die hele wêreld sal gaan.

Godsdienstige verderwing! Menslike verderwing; mans weet nie eens watter geslag hulle aan behoort nie, vroue ook nie. Staan op met 'n mansoorpak aan, of 'n klein ou kortbroekie, klere wat ... haar elke beweging en vorm van haar liggaam, en noem haarself 'n Christen. Sy's nie eens 'n dame nie, laat staan nog 'n Christen. Sy's 'n straatprostituut wat deur Satan gebruik word, geïnspireer deur Satan, om die seuns van God hel toe te stuur, om die Woord te vervul wat Jesus Christus gesê het sou plaasvind. Ek het nie bedoel om dit te sê nie, maar Hy het dit gesê, in elk geval. Sien julle waar hierdie godsdienstige gees vandaan kom? Die gemengde boom.

82 Sê: "Wat's verkeerd met daardie langbroek," of wat ook al hulle dit noem: "pedal-pushers?" of wat dit ook al is.

Die Bybel het gesê, dat, "Enige vrou wat 'n kledingstuk dra wat aan 'n man behoort, is 'n gruwel in die oë van God." Dis SO SPREEK DIE BYBEL.

En 'n vrou wat haar hare sal sny, onteer haar hoof. En dis nie eens.... Dis 'n sondige ding vir 'n vrou om te bid met kort hare, die Bybel het so gesê, in die openbaar te bid met haar hoof ontbloot. En haar....

O, jy sê, "Ek dra 'n hoed."

Jou geveinsde, leer daardie vroue sulke dinge soos dit! Wanneer, die Bybel sê, "Haar hare is vir haar

gegee vir 'n bedekking," nie een of ander mensgemaakte hoed nie. Dis wat die Bybel gesê het. Ek is nie verantwoordelik nie; ek is net verantwoordelik om die Waarheid te vertel. Moenie oneerlik wees nie, soos die Bybel gesê het, "Wat die Woord van God vervals," om aan die versoek van 'n klomp rickettas te voldoen.

83 Ek het die woord boos hier. Ek het "Elvis" neergeskryf in plaas van evil. Dis alles omtrent dieselfde. Die woord Elvis beteken 'n "kat," en die woord Ricky beteken 'n "rot." As jy sê "klein Ricky," bedoel jy "klein rot." Wat jy hom noem, dis wat hy is. Word jou kind so genoem, verander dit gou, vir die Evangelie se ontwil. Moenie 'n kind die naam gee....

Jy het nooit gehoor van sulke name in die Bybel nie, of in enige ander eeu nie. Dis die eeu, naam vir hierdie eeu. As daar ooit verdraaide rotte en katte was, dis daar.

Al hierdie [onduidelike woorde] miljoen dollar platejoggies, en hierdie kinders wat hier loop, kan nie eens skool toe gaan sonder 'n ding wat in die oor is nie, en 'n klein ou transistor radiotjie in hulle sak, net, "boem de boem."

O, hulle het daar na die huis toe gekom, en ons het gemaak.... Daardie kêrels wat my huis probeer verf het. Ons het gesê: "Kry daardie ding hier uit. As julle nie daarsonder kan werk nie, los dan die werk. Maak my so senuweeagtig, ek kan nie eens hier rondstaan nie. Ons het hierdie plek aan God toegewy. Ons wil nie daardie soort boogie-woogie onsin van hierdie laaste dae hier rond hê nie." Ek het gesê: "Maak dit stil of gee pad van die werk af!"

Let op, godsdienstig, maar, o, sekerlik, gaan reguit kerk toe en staan in die voorportaal, en luister na boogie woogie.

84 Let ook op, Christus se Woord Bruid is ook op koers. Soos ons sien waarheen die antichris op koers is, destyds en begin nou 'n kop vorm; 'n ekumeniese raad sal dit 'n kerklike hoof gee. En die Kerkie wat aangekom het, ook, Christus se Woord Bruid deur die eeu heen, kom om die Hoof te vorm, want Sy gaan herenig word met Haar Maat. Altyd, net soos die kerk en al die ander, Dit moet verenig. Die Koring, en alles, kom reguit terug na die kop waar dit begin het; soos Kain en Abel. Woord Bruid op pad in die Persoon van die Woord van God gemanifesteer in hierdie bose eeu waarin ons lewe. Sien waar dit op koers is?

85 En Satan sal spoedig sy intellektuele bruid neem en hierdie grote verhef, wat die antichris is, die hiërargie s 'n, en hom op 'n troon sit, "en die hele wêreld sal verwonderd agter hom aan gaan."

En dan sal Christus kom. En twee kan nie terselfdertyd bestaan nie. En sy koninkryk sal geneem word; en hy sal vernietig word.

En Christus, die Woord van God.... Waarvan, die vrou 'n deel is van die man se liggaam. Hulle is nie twee nie; hulle is een. En die Bruid, Kerk, Woord, "'n volk wat uitgeroep is van hier en daar, vir Sy Naam's ontwil" sal in die Liggaam van Jesus Christus verenig word.

En die koninkryk van die antichris sal ingeneem en vernietig word. En Christus sal die troon neem, en op die troon van Sy vader Dawid gaan sit, en op die aarde heers vir 'n duisend jaar; dan die Kerk vir God aanbied: "sonder vlek of smaad." Ja!

86 Nou let op haar lang hare, Nasireërgelofte aan die Woord. Ek sal nou die Bruid van Chrsitus uitbeeld. Ons het die antichris uitgebeeld, waar sy is, godsdienstig en alles, wetenskaplik. Nou die nederige klein Bruid van Christus glo net eenvoudig die Woord, wie Sy ook al is. Dis indiwidue. Ek hoop en vertrou dat daar baie is wat hier teenwoordig sit, baie wat inluister. En ek hoop dat ekself, en elkeen van julle almal, deel van daardie Bruid is. Ek hoop baie. En, dit sal wees, almal wat daartoe bestem is, sal dit wees, want dis hul natuur. Hulle sien. Die Woord kan net die Woord herken. Dit kan nie 'n denominasie of 'n verdraaïng herken nie. Dit weet van beter; Dis die Woord. Sien? Dit kan niks herken....

'n Koring kan niks anders as 'n koring wees nie. Dit het 'n koring begin, dit sal groei en 'n koring wees. En 'n onkruid kan nooit koring wees nie, tog word dit besproei, deur dieselfde salwing. Sien? Maar dit is nie koring nie. Soos ek nou die dag gesê het, oor die boom met die verskillende takke daaraan.

87 Haar lang hare, Nasireërgelofte, toon dat Sy trou aan God gesweer het. Haar pragtige kleed van Sy beloofde Woord vir die eeu waarin Sy lewe, om Haar gedraai, bevestig Haar met Homself, van Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Want, Sy is 'n deel van die Woord Bruidegom, getrou aan Hom op elke punt.

Nou kyk. As 'n vrou hier uitgaan en met 'n man getroud is, en sy gaan uit en raak intiem met 'n ander man en het 'n verhouding met hom, en gaan terug na haar man, behoort hy haar uit te skop. Is dit reg? Sy moet aan hom getrou wees, want sy het aan hom trou gesweer.

En die Bruid van Christus het aan Christus trou gesweer; en Hy is die Woord.

Nie eens knipoog na die ander kant toe nie, 'n vrou moenie eens knipoog na 'n ander man nie. Sy moet geen aanleiding gee nie, geen gevoelens hoegenaamd wys teenoor hom nie, want sy is absoluut 'n bruid vir een bruidegom.

Ons wil nie enige van jou gemengde bome, jou denominasies hê nie. Wees getrou aan Christus, die Woord. Hy sal Dit bevestig om waar te wees. Nee, meneer, nie eens enige emosie van enigiets van liefde vir hom nie, nie aansluit by sy geledere of enigiets anders, of hom toelaat om in sy arms te wees vir sy omgee, of met jou praat oor dit en dat nie.

Jy luister net na een Stem. "My skape ken My Stem. 'n Vreemdeling sal hulle nie...." Wat is Sy Stem? Enige mens se stem is sy woord. En hierdie is Dit, die Bybel, nie een woord Daarby gevoeg of Daarvan weggeneem word nie. Bly net by daardie Stem. "'n Vreemdeling sal hulle nie volg nie," 'n denominasie nie.

88 Sy is deel van die Bruidegom, getrou aan Hom in elke opsig, wag net op die Huwelik. Verenig, nie by die ekumeniese raad nie; maar in die lug, by die Bruilofsmaal. Sy is gegee.... Hierdie is vir ons eie kerk. Die.... Sy is gegee, en vir Haar is geopenbaar, die Sewe Seël verborgenhede van die Bybel. Sien? Sy sien die dwaasheid van die bedrieër, so baie naby aan die Waarheid, dat dit amper die Uitverkorenes mislei. Sy sien dit. Sy....

Sien julle die twee oponerende geeste aan die werk in hierdie bose eeu? Kan julle dit sien? Elkeen baie godsdienstig, Kain en Abel, geeste wat weer tot wasdom kom, steeds dieselfde as toe hulle begin het. Een, aanbid deur prag, en deur kennis, en deur geleerdheid, en deur wetenskap, en deur etiek. En die ander Een, deur geloof van die openbaring van die Woord van God. Beide van hulle staan net hier in hierdie gebou vanmôre. Dis reg.

89 Openbaring, of geloof, in Sy Woord, maak geen aanspraak op kennis nie; die egte, ware Christen.

Hulle sê, "Het jy 'n doktorsgraad?"

Maak geen aansprake nie. "Ek glo Sy Woord." Sien? Maak nie enige aansprake nie. Maak nie daarop aanspraak om geleerd te wees nie. Behoort nie aan enige denominasie, enige party, enige sekte nie. Dit behoort aan Christus. Dis Sy Vrou; nie 'n kerk vrou nie.

Sy's 'n prostituut. Die Bybel het gesê sy was 'n "hoer," en "DIE MOEDER VAN HOERE," en hulle kom almal bymekaar en maak dieselfde hoer. En daardie soort vrou is 'n vrou wat aan haar Man ontrou is; en maak daarop aanspraak dat Christus haar man is, en behoort aan 'n denominasie. Sulke onsin! Ons behoort aan Christus.

90 Maar, in gehoorsaamheid, hierdie klein gelowige Vrou, wat uit die geloof lewe, die Bruid; die persoon hier, daar; hier, van êrens anders af, 'n ander kerk, 'n ander denominasie, wat dit ook al is, in 'n nie.... Glo die Woord van God, gehoorsaam, wag in liefde, vir die belofte van die eeu om bevestig te word. Sy is op die uitkyk daarvoor. Sy is deel van daardie Woord, en Sy is op die uitkyk dat Haar lewe daardie Woord sal manifesteer.

Broers, kan julle dit nie sien nie? Ek hoop nie dit het reg oor julle gegaan nie.

Die Liggaam wag op (wat die Woord is), wag vir die Lewe (wat die Gees is) om te bevestig of Dit lewend te maak. Dis waarop Sy wag. Geen ander lewe sal in Haar werk nie. Sy kan nie op 'n ander manier tot lewe kom nie. Tog, Sy voel dit daarbuite, en Sy weet dit gaan gebeur; dan gebeur dit hier, dan word Sy wakker. God het gesê, "Laat daar wees," en Sy het tevoorskyn gekom soos die eerste een tevoorskyn gekom het.

91 "Kinders van die ongehoorsame" beteken gehoorsaamheid.... Ongehoorsaamheid beteken "rebellie." Ek het dit in die woordeboek nageslaan, om seker te wees. Rebellie, rebellie teen (wat?) die geopenbaarde Woord van God. Soos Kain geopenbaar het ... gerebelleer het teen Abel se geopenbaarde openbaring, bevestig deur God dat dit regverdig was. En Kain het daarteen gerebelleer, en sy broer doodgeslaan.

Die Fariseërs, met hulle eie denominasionele kennis van wat die Woord van God was, het uitgesoekte manne gekies, gerebelleer teen die bevestigde Woord van God gemanifesteer vir die dag, Jesus Christus, en Hom doodgemaak. Dis reg?

Dis wat "die kinders van ongehoorsaamheid" is, 'n rebellie teen die Woord van God.

Sien julle nou waar hulle is? "O, die dae van wonderwerke is verby. Jesus Christus is nie meer dieselfde nie. Daar is nie so-iets soos die doping van die Heilige Gees nie. Al daardie goed is onsin!" Sien, rebellie! Hulle hoef nie twee dinge te sê nie; hoef net een te sê, dis al. Dis rebellie, reg daar. Hulle kan nie sê jy het nie oë nie, jy het nie ore nie; jy moet die hele liggaam neem, die hele Woord. Sien?

Die Heilige Gees roep, "Kom uit haar uit, wees nie deelgenote van haar denominasionele dogma nie,"

soos hy lag en spot met die Woord van God vir hierdie dag.

"Want God word nie bespot nie," onthou dit net. Sy sal dit kry. Moenie bekommerd wees nie. Sy sal dit kry. Die Bybel, in Efésiërs 4:30, as julle dit wil neerskryf, Efésiërs 4:30, het gesê. "God word nie bespot nie. Wat 'n mens ook al saai, dit sal hy ook maai." Hulle kan nie spot en grappe maak, en hierdie dinge sê, en daarmee wegkom nie. "Soos brood op die water, sal dit terugkeer."

92 Sy is die duiwel se bruid, toegedraai in sy godsdienstige, sonde liefhebbende kennis vir hierdie huidige bose eeu, om julle te mislei. O, goeiste! 'n Hele kliek of denominasie van verleidende geeste, deur wetenskaplike kennis en 'n moderne beskawing! Maak aanspraak....

Ons gaan afsluit binne net 'n paar minute. Ek sal moet ophou, want ek kan nie deur dit alles kom nie, sien.

Maak daarop aanspraak dat sy 'n groot wêreld bou vir julle om in te lewe. Sy maak daarop aanspraak, dat, in haar beskawing, het sy mooi kerke gebou, kolleges, skole, hospitale, biblioteke, en tydelike hulp vir die mens, sonder God se Woord. Sy het dit gedoen. Sy het bewys sy kon dit doen. En die mense het daarvoor geval; ja, meneer; skole, denominasies, kultuur, beter geklede mense, beter gevoede mense.

Ek sou liewer arm wees en, en reg wees met God; as om drie maal per dag gebraaide hoender te eet, en aan 'n prostituut te behoort soos daardie.

93 Onthou, die uur is byderhand wanneer die teken sal kom. Jy sal of daarin wees of daar uit. Dit sal kom soos 'n dief in die nag. Dit sal jou reg daarin vang, en jy is daar. Daar is dan nie enige uitkomkans nie; jy het dit klaar gekry. Kom uit!

'n Engel het uit die Hemel neergedaal, met 'n helder skynende aangesig, en na die mense uitgeroep. Dit het die aarde geskud. "Kom uit Babilon uit, want sy het geval. Wees nie deelgenote van haar plae nie, My volk!" Gaan uit haar uit. Kom uit! Het ons dit nie 'n ruk gelede in die Woord gelees nie? 'n Engel is 'n "boodskapper," sien, wat neerdaal. Let op die Heilige Gees, "Kom uit haar uit, dat julle nie deelgenote word nie."

94 Nou sy het al hierdie dinge gebou. Sy het groot kerke gebou. Sy het kollege, skole gebou, die mense geneem en hulle opgevoed tot 'n beter, sogenaamde, beskawing. En hulle het hulle opgevoed deur 'n moderne beskawing wat hulle gebring het na die put van die dood, deur kennis, weg van God en Sy Woord.

Sien julle nie die hele plan nie? Sien julle dit, kerk? [Gemeente sê: "Amen."] Buite oor die lug, as jy dit in jou eie gemeente daar sien, sê "amen," die res van hulle sal weet waar jy staan. Sien?

Sy het dit gedoen. Sy's.... Dis 'n god van hierdie aarde, en sy het kolleges gebou. Sy het universiteite gebou. Sy het hospitale gebou. Sy het biblioteke gebou. Sy het al hierdie dinge gebou vir die tydelike hulp van die mens, net genoeg om hulle te mislei, om die Woord te verwerp. En waarheen het sy hulle gelei? Die hele kerkwêreld is in die dood gedompel, want God het gesê dat Hy die hoer sal verbrand, en haar kinders, met 'n ewigdurende vuur.

Kom uit daaruit, mense! Moenie daarin gevang word nie. Julle moet daarvandaan pad gee so gou soos julle kan!

Deur haar wetenskaplike kennis, is sy in staat om dit te doen, nou let op, sonder God se Woord.

95 God het ons nooit opgedra om uit te gaan en skole te hê nie. Hy het nooit nie. Hy het ons nooit gesê om hospitale te bou nie. Hulle is goed. Hy het ons nooit gesê om biblioteke te bou nie. Nee, meneer. Hy het nooit nie.

Hy het gesê: "Preek die Evangelie." En, die Evangelie, manifesteer, demonstreer die krag van die Heilige Gees.

Paulus het gesê: "Die Evangelie het na ons gekom, nie deur die woord alleen nie, maar deur die manifestasie en demonstrasies van die Heilige Gees." Paulus het gesê: "Ek het nooit na julle gekom met groot woorde van wysheid deur een of ander doktor ensovoorts, maar ek het na julle gekom in krag en demonstrasie van die Heilige Gees; dat julle geloof nie sou wees in die wysheid of kennis van die mens van hierdie wêreld nie, maar in die krag van die opstanding van Jesus Christus; omdat Hy lewe, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." God help ons om dieselfde ding te glo, en God bevestig dieselfde ding soos wat Hy gedoen het.

96 Hy weerhou jou om die ware openbaring en geloof in God se woord te sien wat vandag geopenbaar en bevestig word, deur sy skole, biblioteke, letterkunde, hospitale, ensovoorts. Sien? Hy weerhou jou daarvan. Hy interpreteer nou, soos hy vir Farao gedoen het, probeer jou daarvan weerhou om die

betekenis te sien van die bevestigde Woord van Sy beloofde eeu in die Aandlig, bevestig en bewys. Hy het probeer, deur sy kennis, en skole, en beter opgevoede mense, en etiek, ensovoorts, om jou daarvan te weerhou om Dit te sien.

Enigiets, sodat jy nie Daarna sal kyk en sien dis Jesus Christus nie! Hoe weet jy dis Jesus Christus? Hy is die Woord, en Hy is die Woord van hierdie eeu. En hierdie eeu, het gesê dat dit sou plaasvind in hierdie eeu, en hier gebeur dit. Sien? Sien? Hy probeer sy bes om jou te weerhou om Dit te sien.

Hy sal enige vuil naam Daaraan heg wat hy kan. Sien? Hy noem Dit "holy-rollers" en enigiets anders. Hy het Jesus "Beëlsebub" genoem. "En hulle noem die Meester van die huis Beëlsebub, hoeveel te meer gaan hulle nie die dissipels noem nie?" Sien?

97 Sien, probeer jou daarvan weerhou om die ware betekenis van die Woord te weet. Nie wat.... Sien, hy interpreteer Dit, sê Dit beteken dit.

God het gesê: "Ek het belowe in die laaste dae sal ek Maleági 4 vir julle stuur." Dit hoef nie geïnterpreteer te word nie; Hy het dit gedoen. Hy het gesê: "En soos dit was in die dae van Lot, die wêreld sal in 'n Sodom toestand wees; en in daardie tyd, sal Ek die Seun van die mens daardeur openbaar, presies." Ons het alle soorte namaaksels en alles anders, daarvan, maar ons het ook die regte Een. Sien? Hy het gesê Hy sou dit doen.

Hy het gesê die antichris sal opstaan en byna die Uitverkorenes mislei indien dit moontlik was. Maar het gesê: "Laat hulle alleen. Laat hulle voortgaan. Hulle dwaasheid sal uitgevind word." Waarom? Die Woordtoets bewys dit. Sien?

Wanneer dit kom by daardie Woord: "Was dit destyds op hierdie manier, dit? O, ek glo nie in die saad van die slang nie. Ek glo nie in hierdie, daardie, en die ander nie." Dit is nooit geopenbaar nie, sien, nee, nooit nie. O, broer, kyk net waar....

Ons sal moet afsluit, want dis twaalfuur.

98 Let op, probeer jou daarvan weerhou om die betekenis van die Woord te sien van hierdie eeu, van die Aandlig wat geïnterpreteer word. Dit is.... Wat beteken dit? Dis die tyd dat eksodus op hande is, God kom Haar haal, so seker as die wêreld. Sien?

Nou ek wil julle 'n vraag vra. Terwyl, dit nou twaalfuur is, vyf minute oor; en ons sal vanaand voortgaan. Sien julle die god van hierdie eeu? [Gemeente sê: "Amen."] Glo julle dit? ["Amen."] Sien hoe dit is, 'n kerk, intellektueel, wetenskaplik?

Die hele wêreld behoort daaraan, sien, die denominasies. En, julle sê: "Ek's 'n Christen." "Aan watter denominasie behoort jy?" Wel, as ek aan 'n denominasie behoort het, glo ek nie dat ek 'n Christen sou wees nie. Nou, dis 'n groot woord, maar dis reg.

Ek het net deur te sê dat kennis en wetenskap, en Christendom, glad geen gemeenskap het nie. Een is van die duiwel, en die ander een is van God. Enigiets wat God se Woord ontken, bly weg daarvan af. Sien? Nee, meneer. Die Bybel roep, vir hierdie laaste dae, na Christene om uit daardie prostituut uit te kom, daardie boom van goed en kwaad.

99 Sekerlik, sy het goed. Kan enigeen kwaad praat oor 'n hospitaal? Nee, meneer. Biblioteek? Nee, meneer. Geleerdheid? Nee, meneer. Maar, sien, hulle gee hulle dit sonder die Woord. Sien julle hoe misleidend is dit? Gee hulle 'n kerk om na toe te gaan, 'n aanbidding om te aanbid, "'n god wat op 'n troon sit." Die Bybel voorspel dit.

Nou jy behoort aan een van daardie liggame. Daar is net twee van hulle nou op die aarde, was altyd gewees, en sal wees tot Jesus kom, en een van hulle sal vernietig word. Nou jy behoort aan een van die liggame. Een van hulle, het jy by aangesluit; die ander een, jy is Daarin gebore. Sien?

Een van hulle, jy is 'n deel daarvan omdat jy Daarin gebore word. Jy moet deel wees Daarvan. Kan ek ontken ek het 'n arm? Net so min kan ek enige Woord van God ontken, as ek deel is van God. Ek's deel van William Branham; ek's in dele, en elke deel is 'n deel van my. En elke Woord van God moet my gees pas, moet my siel pas, moet my lewe pas, Dit moet my idees pas. As my idees teenstrydig is Daarmee, dan woon God se gees nie in my nie. Dis reg. Kan nie een Woord Daarvan ontken nie.

100 Jy behoort aan een van die liggame. Moet wees, dit moet net wees. Dis óf die Liggaam van God, wat volgens die Woord is; of die liggaam van Satan, volgens die kerk. En die hele wêreld sal aan een of ander kerk moet behoort; aanbid een of ander god. Jy moet of die god van kennis aanbid, vertrou op wat jy deur kennis hoor, jy vertrou op dit, of dat, of die ander; of jy vertrou op God se Woord, deur geloof, op die uitkyk vir Hom om Dit te bevestig en Dit waar te maak.

Die ware Kerk van God is op die uitkyk vir die koms van daardie blye Millenniumdag,
Wanneer ons geseënde Here sal kom en Sy wagtende Bruid sal wegraap;

O, my hart is gevul met wegraping soos ek aarbei, waak en bid,
Want ons Here kom weer terug na die aarde toe.
O, ons Here kom weer terug na die aarde toe,
Satan sal vir duisend jaar gebonde wees, ons sal dan geen verleier hê nie,
Nadat Jesus weer terug kom aarde toe.

101 O, mense van hierdie Verenigde State, waar hierdie Boodskap nou gaan, vlug so vinnig as julle kan uit hierdie kennis, wetenskaplike eeu waarin ons lewe. Vlug na die Woord van God!

Jy, ek, niemand kan, Dit weet nie. Niemand kan Dit bewys nie. God doen Sy Eie bewys. Niemand het 'n reg om Dit te interpreteer nie; ek, geen ander mens het 'n reg nie. God doen Sy Eie interpretering. Hy het die belofte gemaak. Hy het gesê Hy sou dit doen in die laaste dae.

En in die laaste dae die god van hierdie bose eeu sou die oë van die mense verblind, met sy intellektuele kennis, op 'n gemengde boom van goed en kwaad, gee dit steeds vir die mense. En hier kom, daardie ding wat gestalte kry, daardie denominasie van ver terug in die Donkereeue, en voor die Donker Eeue, alles kom saam in 'n super man, Satan, wat gesê het, "Ek sal myself verhef bo die seuns van God, en hulle sal na my luister." "En hy as God sal sit in die tempel van God, en die seuns van God sal daarvoor val."

102 Wel, die seun van God, sê, "Wel, my vrou, dit is nie; sy's 'n goeie...." Gaan voort, gaan net voort. Sien?

Jy sê, "Wel, Hy het gesê: 'seuns van God.'" Ja, meneer.

Mens, wie hy ook al is, is gemaak na die beeld van God, vir die heerlikheid van God. En 'n vrou is 'n byproduk vir die man, nie van God nie. Reg. "Toe die seuns van God gesien het dat die dogters van die mense mooi was, het hulle vir hulle vroue geneem."

"En soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

Nou kyk, as julle wil weet in watter toestand die kerk is, kyk in watter toestand die vroue is, sien, want sy is die kerk. Kyk wat sy doen, sien, en in hierdie bose prostituut eeu.

Kyk, daar was nie 'n gemener, bose, lae, prostituut stad in die wêreld, as Násaret nie, en uit dit het God 'n maagd gekies. "Kan enigiets goeds uit Násaret kom?"

En uit hierdie bose eeu, waar die god van hierdie eeu die mense se oë verblind het, met hulle dogmas en denominasies; en uit daardie einste eeu, het God 'n volk vir Sy Naam gekies.

Hoewel hier afgeskeep en verag, eendag sal die Here
Sy uitverkorenes binne die poort, en dis alles dit werd.
Dan sal ons sing en skree, en rondom dans,
Die Lam sal ons trane afvee;
Ons sal een blye tuiskoms week hê,
Die eerste tienduisend jaar. (Dis reg.)
'n Wonderbare volk vir Sy Naam en hulle word genoem Sy Bruid. (Is dit reg?)
Hoewel afgeskeep en verag, eendag sal die Here bring
Daardie uitverkorenes binne die poort, (in die exodus) en dit is alles werd vir my.

103 Ek raak 'n ou man. En my dae begin vervaag; en my oë begin dof word; en my lewensvlammetjie begin laag brand. Ek vrees nie die duisternis nie. Want ek wil dit sê, saam met Paulus, "Ek ken Hom in die krag van Sy opstanding." Maak nie saak waar hulle my begrawe nie, as ek in die see verdrink, of in 'n oond verbrand, of 'n leeu my opvreet, Hy sal my naam roep, en ek sal antwoord. Amen!

Laat ons bid.

As daar hierbinne, of oor die lug van hierdie Boodskap dwarsoor die nasie, in julle klein kerke en groepe en sale, en waar julle ook al sit, as daar een is, o, laat ek jou oortuig; laat ek jou smeek, as 'n prediker van die Evangelie; laat ek jou smeek, in die Naam van Jesus Christus; ontvlug die toorn van hierdie slegte eeu! Moenie die god van hierdie bose eeu dien nie.

O, ek weet julle sê: "Dis goed. Hulle is gaaf." Presies, 'n gemengde boom. Jy kan nie kennis meng met God se Woord nie.

Dis 'n Woord wat in geloof geglo moet word, nie kennis nie. Jy verstaan Dit nie; jy aanvaar Dit. Jy sê Dit is reg, en dan lewe jy Daarvolgens. Dis al wat Hy jou vra om te doen.

As daar enige een hier in ons groep teenwoordig is, ons kan nie die altaaroproep maak om julle hiernatoe te bring nie, want daar's net geen plek nie; of oor die lug, oor die telefoonlyne, as daar enigeen daarbuite is wat Hom nie ken nie. Moenie....

104 O, vroue, ek het julle getugtig vanmôre, nie ek nie, ek het net die Woord aangehaal. Kort hare, die dra van daardie klein ou kleertjies, jouself heel uitlokkend aantrek, besef julle nie dat die gees wat.... Jy mag rein wees, liewe suster, wanneer dit kom by jou liggaam, maar in jou siel, sien julle nie wat 'n houvas dit op julle het nie?

Sou God Sy dogter prikkelend laat lyk om Sy Eie seun te verlei, om haar te begeer, om hulle albei vir egbreuk aanspreeklik te hou? Sou Hy dit doen, suster? Vra jouself daardie vraag. Nee, nie vir tienmiljoen myl nie. Moet dit nie aan God toeskryf nie.

Broer, het die god van hierdie wêreld jou 'n gees gegee sodat jy nie kan sien dat dit verkeerd is nie? Het hy jou oë verblind, vir die etiek van die kerk, die denominasie, die geloofsbelydenis, ensovoorts, dat jy nie kan sien dat God Sy Woord bevestig en Dit so maak nie? Het jou werk, het jou baas, het jou vrou, het julle kinders, het jou kerk, of enigiets, julle afgesonder van die Woord van God, wat die enigste bron van Lewe is? Vlug daarvoor, my broer! Ek het julle lief, met goddelike liefde. Ek respekteer nie enigeen van my broers bo jou nie, glad nie. As ek het, sou ek onderskeid maak van die persoon. Ek sê nie hierdie dinge om jou kwaad te maak nie. Ek wys, sê hierdie dinge want hulle is in die Woord van God. En as 'n dienskneg van God, en die liefde van God in my hart, sê ek vir jou daardie dinge sodat julle sal sien en verstaan. Miskien sou jy nie geweet het, as ek julle nie gesê het nie. Sal jy vandag daarvan wegvlug?

Nou, saam met dié oral oor die land, laat ons ons hoofde buig.

105 Dierbare God, voor my lê sakdoeke. Mense is siek; ek lê my hande op hulle, dat U hulle sal genees.

En ek vertrou, Here, vanaand, dat daar 'n groot diens sal wees, dat die Krag van God hier sal wees, met groot tekens en wonders. Soos ons die resultate hoor van hierdie laaste paar byeenkomste, hoe geweldig, kyk wat gebeur het! Ek bid, dierbare God, dat U ons 'n dubbele porsie sal gee vanaand. Ek bid dit met 'n opregte hart, Here, want dis my liefde vir U en U Woord, en vir hierdie mense. Skenk dit, dierbare God.

En as daar oor die land, of selfs nou hierbinne, party wat siek en beproef is, en moet weggaan vanaand, nie hier sal wees nie, of daar in die kerke of waar hulle byeen is; ek bid U genees hulle. Nou, Here, maar vir die grootste van alle genesing! As U hulle fisiese liggaam genees van kanker, TB, longontsteking, iets, sal hulle ongetwyfeld weer siek word, as hulle baie lank lewe, want hulle liggaam is steeds onder die sonde, die vloek. Maar laat hulle die die ware Goddelike genesing kry, die genesing van die siel, wat 'n nuwe skepsel maak, gaan oor van die dood tot die Lewe, en dan wag in hierdie ou tabernakel op die verlossing van die liggaam nadat die siel verlos is. Skenk dit, Here.

Mag hulle vlug van daardie denominasies en geloofsbelydenisse. God, daar in daardie geloofsbelydenisse en denominasies het ek van die beste broers ontmoet. En, God, hoe kan ek dit sê dat hulle sal sien, en laat hulle die Woord sien? Dit pla my. Maar ek weet, weer, dat U gesê het, "Geen mens kan kom," maak nie saak hoe goed, hoe sagmoedig, hoe saggeaard nie, "tensy My Vader hom geroep het nie. En almal wat My Vader My gegee het, hulle sal kom." En, Here, ek voel alleenlik my verantwoordelikheid om die Waarheid te vertel.

En nie, soos Paulus gesê het, "die Woord van God met vervalsing hanteer," met denominasionele dogma Daarin vermeng, soos 'n boom van 'n mengsel van goed en kennis, goed en kwaad nie; maar met 'n oop hart en die Heilige Gees. Skenk dit, God. Red elkeen.

106 Nou met ons hoofde gebuig en ons oë gesluit. En nie vir my.... Ek kan dit nie op dié manier stel nie, "Dit maak vir my geen verskil of julle dit doen of nie." Dit maak aan my 'n verskil. Ek het julle lief. En ek hoop nie julle dink, omdat ek streng moes praat.... Soos Paulus gesê het, "Ek sou graag by julle teenwoordig wou wees, en ek sou my houding verander het." Dit was nie omdat hy nie van hulle gehou het nie; hy het hulle liefgehad. Nie.... Soos Jesus hulle moes teregwys, en dan vir hulle sterwe. Sien, "Vader, vergewe hulle; hulle weet nie eens wat hulle doen nie." Om te dink, 'n menslike wese wat reg wil wees, en reg probeer wees, en om te sien dat daardie duiwel.... Dis die een waarteen ek is, wat die oë van hierdie mense verblind het.

107 Hierdie nasie behoort brandend te wees met die heerlikheid van God, om te sien wat in haar plaasgevind het in hierdie laaste dag, hierdie laaste. Waarom het hierdie herlewings nie die ou lande getref nie? Hierdie is die Weskus, verste wes wat jy kan gaan. Nou die sondegrens het gedonder daar onder die aarde, en sy sink; plekke, en Los Angeles en Hollywood, sink soveel duim per uur, geen manier om dit te stop nie. Ja, ons is hier. Omtrent enige tyd kan ons die oproep hoor. As jy weet dat....

Nou, niemand moet kyk nie. Maar as jy weet, uit jou hart.... Ek vra julle. Ek ken nie jou hart nie, tensy God dit openbaar. Maar uit jou hart, as julle kan sien dat jy nie is waar jy behoort te wees met God en Sy Woord, in geloof nie, sal jy net tot Hom jou hand opsteek, sê vir Hom, "Here, help U my." O God! Vanuit hierdie kerk, gepak, gepak en om teen die mure, binne en buite, het letterlik honderde hande, miskien tweehonderd hande opgegaan. Dankie vir julle eerlikheid.

108 Dierbare Jesus, moenie dat een van hulle verlore gaan nie. As U dienskneg, wat staan tussen die lewende en die dooies, wys hulle, met 'n vinger, na die Woord van God. Ek kan hulle nie red nie, Here, maar hulle wil gered wees. En, Vader, soos ek dikwels gesê het, die son kom op in die oggend; en soos dit opkom oor die aarde, is dit deur God gestuur om die graan ryp te maak, om natuurlike voedsel vir natuurlike lewe te maak. Maar, O God, U het gesê, "Vir hulle wat Sy Naam vrees, sal die Son van geregtigheid opgaan met genesing in Sy vlerke." Laat die Son van geregtigheid, die Woord van God, opstaan in die harte van die mense, en die genesende strale van geloof in daardie Woord elke ongehoorsaamheid genees aan die Woord, en hulle na die volheid van die seuns en dogters van God bring.

Hulle is U s'n, Here. In die Naam van Jesus Christus, beide hier en buite oor die lug, bied ek hulle wat hulle hande opgesteek het na U vir die redding van hulle siele. Amen.

Daar my weggeraapte siel sal vind (Waar? By hierdie altaar.)
Res bokant ... (deur geloof kyk ek daar oorkant waar ek heengaan)
By die kruis, (dis waar die Woord hang) ... die kruis,
Roem vir ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Res oorkant die rivier.
Jesus, hou my.... (Dis, saam met Hom gekruisig, wil niks van die wêreld hê nie. "Hou my gekruisig.")
Daar's 'n kosbare fontein,
Dis gratis vir almal, 'n genesing stroom,
Vloei vanaf Gólgota se fontein.
In die kruis, in die kruis,
My eer wees (laat ons ons hande opsteek) ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Res oorkant die rivier.

109 [Broer Branham praat nou met die musikante] "Ek kan hoor my Heiland roep my."

Reik uit en neem iemand se hand, en sê: "God seën jou, Christen."

[Broer Branham praat weer met die musikante] "Ek kan hoor my Heiland roep my."

Voel julle Sy Teenwoordigheid? [Gemeente sê: "Amen."]

Daarbuite oor die golwe van die fone, skud julle almal mekaar se hande daar, en sê, "God seën jou, Christen."

110 Julle weet, hieragter is 'n bad water. Hy neem 'n volk wat Sy Naam dra. As jy nie gedoop is in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van julle sondes nie, daar's 'n bad, daar's doopklere, daar is manne wat gereedstaan. Jy is welkom, as jy waarlik Jesus as jou Saligmaker aanvaar en glo dat dit die Waarheid is.

Onthou, daar was nooit 'n persoon in die Bybel, of enige tyd voor die organisering van die Katolieke kerk, ooit gedoop op enige ander manier as in die Naam van Jesus Christus nie. Daar is geen plek gevind in die Skrif, of geskiedenis, waar enige persone ooit gedoop is, in die Kerk van die lewende God, in die naam van die titels van "Vader, Seun, Heilige Gees" nie. Dit is 'n Katolieke dogma, en nie 'n Bybelse leer nie.

111 Met 'n onderhoud gevoer deur 'n priester, het ek hom dit gevra. Hy het gesê: "Dit is die waarheid. Maar ons is die kerk; ons kan verander wat ons ook al wil. Die plegtigheid is in die kerk. God is in Sy kerk."

Ek het gesê: "God is in Sy Woord. En as die kerk...." Ek het gesê: "God is die Woord. En as die kerk teenstrydig is met die Woord, dan glo ek nie die kerk nie."

Ek laat elke mens se woord 'n leuen wees, of dit nou priester, pous, wat hy ook al mag wees, en God se Woord waar wees.

En Paulus het elke mens verplig, maak nie saak hoe hy gedoop is nie, as hy nie gedoop was in die Naam van Jesus Christus nie, moet hy weer oorgedoop word.

En na party alreeds die Heilige Gees ontvang het, het Petrus gesê, "Kan ons water weier, siende dat hierdie die Heilige Gees ontvang het," Handelinge 10:49: "siende dat hierdie die Heilige Gees ontvang het soos ons...." En hy het hulle beveel, "Voor jy die plek verlaat, hoewel jy die Heilige Gees ontvang het, kom en word gedoop in die Naam van Jesus Christus."

Want, Petrus was die sleutel tot die Koninkryk gegee, gesê, "Wat jy ookal op die aarde bind, sal Ek

dit in die Hemel bind." En wat doen 'n sleutel? Dit sluit iets oop, die verborgenheid.

112 En toe Jesus gesê het, "Gaan, doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees," was dit so gestel om die ongelowige te verblind.

Let op! Waarom het Petrus nie daardie woord vir woord uit gevoer nie? Hy moes.

As 'n mens gedoop word in die titels, "Vader, Seun, Heilige Gees," is hy inderdaad nooit gedoop nie; hy het geen Naam nie. Vader is geen naam nie, Seun is geen naam nie, en Heilige Gees is geen naam nie. Die Heilige Gees is wat Dit is; soos, ek's 'n mens. Dit is die Heilige Gees.

Vader is 'n titel; ek's 'n vader. Seun is 'n titel; ek's 'n seun. Mens is 'n titel; dis wat ek is. Maar my naam is William Branham.

En die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees is die Naam van "Jesus Christus." Jesus het gesê: "Ek kom in My Vader se Naam." Wat is die Vader se Naam? Elke seun kom in sy vader se naam. En die Vader se Naam is Jesus Christus. Sien? Sien wat ek bedoel?

113 As ek vir jou vra om iets te gaan afhaal daar by die toonbank, in die naam van die burgermeester van die stad. Hoeveel weet wie die burgemeester van die stad is? My goeie vriend, Rich Vissing. Wel, jy sal nie daarheen gaan en sê "in die naam van die burgemeester van die stad nie." Jy sal sê: "In die naam van Richard Vissing." Julle mense hier in Jeffersonville weet wie hy is.

En dis waarom Hy gesê het, "Vader, Seun, en Heilige Gees." In Hom woon die Godheid, die volheid van die Godheid liggaamlik. Hy het gesê, "Doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees."

Petrus staan daar met die openbaring waarop Hy die Kerk gebou het, van Wie Hy was, hy het gesê, "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus." En nooit.... Die sleutels het gedraai in die Hemel en op aarde. "Daar's geen ander Naam onder die Hemel gegee onder die mense waardeur jy gered moet word nie."

114 Waarom doop jy in die Naam van Jesus Christus? Vir die vergifnis van sondes. "Wie se sondes julle vergewe, vir hulle is hulle vergewe." Sien? Maar as jy dink hy is nie waardig en geskik om gedoop te word nie, moet jy dit nie doen nie. Want as jy dit doen, dit doen dit, sien. Begryp julle wat ek bedoel?

Ek kan hoor my Hei- ... (die Woord) roep my (roep daar na die graf)
Ek kan.... ("Sal jy nie met My sterf sodat jy saam met My kan opstaan nie?") ... -
land roep my,
Ek kan hoor my Heiland roep my, (wat gaan die wêreld sê?)
"Neem jou kruis, en volg, volg...."

Nou, as jy nog nie daar was nie:
Waar Hy (Hy is die Woord) my lei ... (daar is die bad)
Waar Hy lei daar sal ek meegaan,
Waar Hy lei daar sal ek meegaan,
Ek sal gaan met Hom, met Hom heel die weg.

Laat ons ons hoofde buig.

115 Dierbare God, die bad is gereed. Spreek nou tot harte, Here. Mag hulle Christus hoor, die Woord, roep hulle, en die hele pad saam met Hom loop.

"Ek sal deur die tuin met Hom gaan. Ek sal met Hom saamgaan na die bad. Ek sal Sy Naam aanneem. Ek wil een van die mense wees wat Hy vir Sy Naam roep. Ek sal Sy Woord glo. Ek sal volg. Ek sal nooit met die wêreld flankeer nie. Ek sal 'n getroue, gehude Bruid wees. Ek sal nie een jota van Sy Woord uitlaat nie. Elke versoek, ek sal 'n ware, getroue Bruid wees. Alles wat Hy my versoek om te doen, dit sal ek doen.

"As my toekomstige Man wil hê ek moet my hare laat groei, sal ek dit doen. As Hy wil hê ek moet al hierdie grimering afhaal, sal ek dit doen. As Hy wil hê.... As hy vir my sê dis 'n bose gees, die bose een waarmee ek flankeer, met hierdie prikkelende klere; sal ek dit doen, sal ek hulle uittrek. Ek gee nie om wat enigiemand anders sê nie, ek sal hulle uittrek.

"As hy wil hê ek moet uit daardie groep waarin ek is kom, van ongelowiges, sal ek dit doen; al maak ek my brood, of wat dit ook al is. Hy het belowe Hy sal my nooit verlaat of in die steek laat nie. Ek sal dit doen. Ek gaan met Hom al die pad. As Hy wil hê ek moet gedoop word in Sy Naam, sal ek dit doen."

Here, U het dit hier in U Woord belowe, dis wat U wil hê. Mag elke persoon dit sien, Here, en mooi nederig buig Daarvoor. Ek bid in Jesus se Naam. Amen.

116 Julle behoort aan God. Mag God die paar gebroke woorde neem en dit werklik maak vir julle, is my

opregte gebed.

Die bad sal gereed wees. Enigeen wat wil kom, hulle het.... Die prediker sal dit 'n bietjie later aankondig. Enigeen wat hom bekeer het en gedoop wil word, en die Naam van Jesus Christus gebruik, kom julle gerus nader. Alles is gereed. "Alles is gereed." Alles wat ons kan doen om julle te help om te lewe vir God, ons is hier om dit te doen. God seën julle.

Laat ons nou staan. Nou ons klein lied: Ek Het Hom Lief. "Ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het." Laat ons almal dit nou sing.

Ek het Hom lief,....

Laat ons ons hande opsteek terwyl ons dit sing.

... ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

Met ons hoofde en harte nou gebuig, laat ons dit vir Hom neurie. [Broer Branham begin neurie *Ek Het Hom Lief*]

Ek het Hom lief.

[Broer Branham gaan voort om *Ek Het Hom Lief* te neurie]

O God, ons Vader, wees ons arme skepsels genadig, Here. Versterk ons vir die taak wat voorlê. Help my, O God, help my! Ek voel dat iets lê net hier, Vader. Help my, O God, om die Waarheid te weet. Seën hierdie mense, dierbare God. Lei hulle, bid ek, in Jesus se Naam.

Nou terwyl ons ons hoofde buig, gaan ek die pastoor hier vra, Broer Neville, ons kosbare broer, om nou hiernatoe te kom en te sê wat hy gaan, oor of ... oor die doop. Ek mag dit aankondig. Ek dink die bad is oop, in elk geval.

MESSAGE online hub
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7